
# VAN NOYON NA GENÈVE



# VAN NOYON NA GENEVE

Reisindrukke van 'n Calvynpelgrim

Prof. B.J. van Der Walt

# Inhoud


**1. Avontuur in die vreemde ... 5**

**2. Noyon in Pikardië ... 6**
'n Ryke geskiedenis ... 6
Die hart van die dorp ... 6
Bakermat van die Calvinisme ... 6

**3. Na Ourscamp aan die Oise ... 8**
'n Waardevolle skedel ... 8
'n Beer help kerk bou! ... 8
'n Stil agtermiddag tussen swyende ruïnes ... 8

**4. Student in die hoofstad ... 10**
Student aan die Collège de la Marche ... 10
'n Moeilike tyd ... 10
Opgegaan in studentelewe ... 10
Vertrek uit Parys ... 10

**5. Hugenotebakens in Parys ... 12**
Monument vir Hugenoteadmiraal ... 12
Notre Dame ... 12
Martelaarsgeskiedenis ... 12
'n Besondere biblioteek ... 13

**6. Deur Hugenoteland ... 14**
Toer deur die Weste van Frankryk ... 14
Ongekende wreedhede ... 14
Oorsprong van die naam "Hugenoot" ... 14
Edik van Nantes ... 14
Ons tref weer die spore van Calvyn aan ... 14
'n Sinode en . . . die stad word beleër ... 14
Die oop see as plek van aanbidding ... 15

**7. Hugenotespore in die suide ... 16**
Onder die beskerming van 'n koningin ... 16
Tragedie van Toulouse ... 16
Geloofsoorloë in die Cévennes ... 16
Tronke loop oor van . . . gelowiges ... 17
Noordwaarts: vervolging, lyding, moord . . . ... 17
Op soek na 'n nuwe vaderland ... 17
By die beginpunt van die godsdiensoorloë ... 17

**8. Calvyn in Straatsburg ... 18**
Beroering in Parys ... 18
Voortvlugtige ... 18
Eerste verblyf in Genève ... 18
Predikant in Straatsburg ... 19
Straatsburg vandag ... 19
Kerke waar Calvyn gepreek het ... 19

**9. Straatsburg verder verken ... 20**
Gereformeerde diens in die vreemde ... 20
Tuis in die Protestantse Seminarie ... 20
Deur Europa teen vyf rand per dag! ... 20
Geestelike nalatenskap van Calvyn voortgesit ... 21
'n Minder bekende hervormer ... 21
Bietjie Afrikaans in die vreemde ... 21
Te veel om in te neem ... 21

**10. Calvyn in Genève ... 23**

Geestelike nalatenskap ..... 23
Woning in die Rue de Calvin ..... 23
Die St. Pierrekerk ..... 23
Indrukwekkend ..... 23
'n Sege vir die Reformasie ..... 24
Besienswaardige dinge ..... 24
'n Hemelvaart vir die siel ..... 24
Onverwagte gasvryheid ..... 24

**11. Genève: die Calvinistiese Rome ..... 25**
Ouditorium van Calvyn ..... 25
'n Plek van aanbidding ..... 25
Eredienste — op weeksdae! ..... 25
Die eerste reformatoriese universiteit in die wêreld ..... 25
Restourasie ..... 25
Die stadhuis ..... 26

**12. Donker dae in Genève ..... 27**
Heksevervolging ..... 27
Calvyn se rol ..... 27
Michael Servet verbrand ..... 27
Erkenning ..... 27
'n Roerende inskripsie ..... 28

**13. Vaarwel aan Genève ..... 29**
Collège de Calvin ..... 29
Rondsnuffel ..... 29
Reformasiemuur ..... 29
By die laaste rusplek van 'n grote ..... 30
Aan God alleen die eer — vir 'n ryk lewe ..... 30
Is dit die plek? ..... 30
Was die lente van 1564 ook so mooi? ..... 30

**14. Operasie OT ..... 31**
Straatsburg — die tweede keer ..... 31
Roeringe in Suid-Afrika ..... 31
'n Veel belangriker reis ..... 31
Vriendelike hulp in die vreemde ..... 31
Uit die wêreld van die ou boek ..... 32
Die verlede herleef ..... 32
Die wêreld het anders geword ..... 33
Harde werk ..... 33
En duur daarby! ..... 33

**15. Die geskiedenis van die boek ..... 34**
Aan die begin van moderne boekdrukkuns ..... 34
'n Primitiewe begin ..... 34
Gutenberg se ontdekking ..... 34
Struikelblokke in die weg ..... 34
Die grootste ontdekking van die vyftiende eeu? ..... 35
Alleen bewondering ..... 35
Vyftiende-eeuse treffers ..... 35
Nog meer wetenswaardighede ..... 35
Die prins van die boekdrukkuns ..... 36
Vlugteling ..... 36
'n Besondere embleem ..... 36
Hou dit in gedagte ..... 36

**16. Van Genève na Potchefstroom ..... 38**
'n Nuwe probleem ..... 38
Calvyn word per huurmotor gehaal ..... 38
'n Laaste uitdaging ..... 38

Calvyn reis gratis na Suid-Afrika ........................................................................................ 38
Die klimaks van Operasie OT................................................................................................ 39
'n Oorspronklike Calvyn in Parys ontdek.............................................................................. 39
Die koors loop hoog................................................................................................................ 39
'n Kosbare vrag........................................................................................................................ 39
As Calvyn dit kon weet! .......................................................................................................... 39
'n Reis sonder einde?.............................................................................................................. 40
Waarom al die moeite............................................................................................................. 40

## Fotoalbum

Die fotos in die gedrukte weergawe is nie van baie goeie gehalte nie en is ook nie altyd haaks met die bladsye nie. Hulle is so goed moontlik geskandeer.

# 1. Avontuur in die vreemde

DIE son hang soos 'n groot rooi bal reeds laag oor die Goudstad. Die gevoel van vaarwel sê lê nog swaar op jou hart hier waar jy in die maag van die groot voël sit: 'n hele maand geskei van mamma en die kleinspan! Spoedig kom die groot gevaarte in beweging, die neus lig en ... die reis het begin. 'n Nuwe gevoel van gespanne verwagting maak hom van jou meester: wat gaan die reis alles oplewer?

As 'n mens rondom jou begin gesels, kom jy agter hoeveel verskillende redes daar vir 'n reis na Europa kan bestaan: sakebelange, studie, navorsing, familiebesoek en natuurlik ook vakansie. Die avontuur van die onbekende lok almal maar. Om 'n hele maand lank, elke dag op 'n nuwe plek, in Europa rond te swerf het sy eie bekoring. Dit is anders daar. Alles is soveel ouer. Die wêreld is deurdrenk van ou-ou geskiedenis. Miskien word ons ook nog met 'n onsigbare naelstring gebind aan die kontinent waarvandaan ons voorsate driehonderd jaar gelede gekom het. . .

Die doel van hierdie reis, waarvan ek graag een en ander wil vertel, was nie een van bogenoemdes nie. Die Moslems trek na Mekka. Die Jode onderneem pelgrimstogte na die Heilige Land. Rooms-Katolieke sou graag na Rome wou reis om die pouslike seën in die Vatikaanstad te ontvang. Waarom sal die Calvinis dan nie 'n keer op die voetspore van Calvyn gaan reis nie?

'n Werklike reisbeskrywing sal dit nie kan wees nie, aangesien ek ongelukkig geen skrywer is nie. Die primêre doel van hierdie boekie is nie om 'n boeiende reisverhaal te gee nie maar om 'n bietjie informasie deur te gee oor besienswaardighede uit die lewe van die Hervormer na wie die lewensbeskouing van vele in ons land vernoem is. Baie Suid-Afrikaners kry vandag die geleentheid om in Europa te gaan rondreis. Moontlik kan die gegewens in hierdie werkie prikkel om 'n gedeelte van u reis vir 'n spesifieke doel af te sonder: die besigtiging van die plekke waar hierdie groot man geleef en gewerk het.

Uit die ervaring tydens my reis opgedoen weet ek hoe moeilik dit soms is om agter te kom waar al hierdie plekke presies te vinde is.

Natuurlik is *Van Noyon na Genève* nie net bedoel vir diegene wat die voorreg sal hê om die besienswaardighede uit ons reformatoriese erfenis self eendag op te soek nie. Dit is in die eerste plek vir die tuisblyers bedoel. Daarom is ook 'n fotoalbum bygevoeg. 'n "Toer op papier" is wel die naasbeste. Maar deur die lens van iemand anders se kamera en deur die bril van die skrywer te kyk kan u ook — heelwat goedkoper – saamreis!

# 2. Noyon in Pikardië

DIE dorpie Noyon (dit het 15 000 inwoners en is dus eintlik nie 'n "dorpie" nie) lê nie ver van die hoofpad tussen Parys en Lille nie, ongeveer 95 km noord van Parys. Dit is 'n plek met 'n ryke verlede. Reeds in die sesde en sewende eeu het beroemde biskoppe, soos St. Médard en St. Eloi (600-639) hier gewoon. Karel die Grote is in 768 hier gekroon (foto nr. 1).

## 'n Ryke geskiedenis

Baie storms het deur die loop van die eeue oor die biskopstad gewoed. In die vyftiende eeu was daar byvoorbeeld 'n stryd oor die beendere van die heilige Eloi. (Die Rooms-Katolieke Kerk heg nogal baie waarde aan hulle heiliges se "stoflike oorskot". Op talle plekke in Europa kan 'n mens vandag nog relikwieë van een of ander heilige se skedel, ribbebeen ens. sien!) Die stryd in die geval van die heilige Eloi het gegaan oor wie die egte Eloi-beendere besit: die kapel van die hoofkerk of die abdy van St. Eloi. (Moontlik was die een stel die van die jongere en die ander "versameling" die van die ouere Eloi!) Soos ons nog later sal sien, was daar meer sulke heilige beendere in die omgewing in omloop.

Hierdie storm was egter nie die ergste nie. Tydens die godsdiensoorloë tussen Protestante en Katolieke in die sestiende eeu het die vlamme hoog opgelaai in hierdie Middeleeuse stad (veral in 1552, toe dit deur die Spaanse troepe oorval is). Ook die geweldadigheid van die Franse Revolusie het die stadjie nie gespaar gebly nie. Die nege kerke en vier kloosters in die stad is afgebreek! Ook die groot ou katedraal is geskend, hoewel nie vernietig nie. Tydens die Eerste Wêreldoorlog volg nog 'n verwoesting. Die Duitsers het van die plek 'n puinhoop gemaak. Van die groot katedraal het alleen die mure bly staan. Gelukkig het die Franse argitekte dit mooier as ooit gerestoureer.

## Die hart van die dorp

Die middelpunt van Noyon is sekerlik die groot Gotiese Katedraal (foto nr. 2) wat dominerend hoog bo die mosaïek van die dakke van huisies en strate rondom staan en reeds agthonderd jaar lank oor die omliggende landskap waak. Daar is byna tweehonderd jaar aan gebou: van 1135 tot 1333! Dit is so 'n groot gebou en so tussen die huise rondom vasgedruk dat 'n mens alleen van die ou kerkhof op 'n hoogtetjie 'n ent daarvandaan van die hele bouwerk op 'n foto kan inkry. Langs die katedraal is die ruïnes van nog 'n ouer gebou (kerk?), en aan die agterkant die Bibliothèque du Chapitre, 'n grasieuse 16e-eeuse houtkonstruksie op pilare.

In die skadu van hierdie katedraal het 'n jong seuntjie seker baie ure omgespeel. Sy naam was Jean Cauvin (later deur homself na Calvinus of Calvin verander). Aan die begin van die sestiende eeu (op 10 Julie 1509) is hy hier gebore.

Calvyn was die vierde kind in die gesin. (Later het daar nog twee bygekom.) Sy vader, Gérard Cauvin, was van eenvoudige afkoms. Hy stam uit 'n skippersfamilie uit die dorpie Pont l'Evèque aan die Oiserivier. Deur harde werk het hy egter een van die invloedrykste burgers van Noyon geword. Calvyn se moeder, Jeanne Lefranc, was die dogter van 'n hoteleienaar uit Kameryk wat hom in Noyon gevestig het. Sy was 'n aantreklike vrou en 'n vroom, diep gelowige Katoliek. Ongelukkig het Calvyn sy moeder vroeg reeds verloor. (Sy vader is later weer getroud, maar van sy tweede vrou weet ons nie veel nie.)

Calvyn was tot 1523 leerling aan die Collège des Capettes in Noyon.

## Bakermat van die Calvinisme

As 'n mens die Maison Calvin (Calvynhuis) in Noyon betree, besef jy dat jy by die oorsprong van die Calvinisme staan. (Dit lê aan die Rue Calvin – in die klein plekkie maklik te vinde. Vra maar vir die "Musée Calvin", oop vanaf 10h00-12h30 en 14h30-17h30.) Hier het die man, wat aan die Calvinistiese lewensbeskouing geboorte gegee

het, immers die eerste lewenslig aanskou.

Hierdie belangrike woning het byna heeltemal in die vergetelheid geraak. Eers gedurende die Eerste Wêreldoorlog het 'n Duitse offisier dit weer "ontdek" en 'n gedenkplaat daarop aangebring. Dit het daartoe gelei dat die Franse Calvynvereniging na die oorlog die geboortehuis onder sy beskerming geneem het. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is die gebou heeltemal verwoes maar volgens foto's weer herbou.

Madame V. Matthieu, die kuratrise, het lankal reeds geweet dat ek op die dag sou kom. Sover ek kon uitmaak(!) was die ontvangs ook hartlik. Ongelukkig ken ek geen Frans nie, en dit is blykbaar die enigste taal wat sy ken! Met die kommunikasie het dit dus nie so goed gegaan nie.

Soos u op die foto (foto nr. 3) sal sien, bestaan die woning uit twee gedeeltes. Die regterkantse gedeelte (as 'n mens van reg voor kyk) met drie verdiepings bevat in die twee onderste verdiepings allerlei interessante skilderye, afdrukke en meubels wat nie net spesifiek op Calvyn betrekking het nie (foto nr. 4 en 5). Die gebou links teenaan die genoemde bevat (op die onderste verdieping) die eintlike Calvyn-kamer (foto nr. 6). Tog is 'n mens ietwat teleurgesteld omdat daar, afgesien van skilderye en geskrifte van Calvyn, nie so veel te sien is nie. Die ongemaklike stoel wat daar staan (foto nr. 7), is die een wat op Calvyn se preekstoel in Genève gestaan het. Die geskiedenis van die kis met pragtige houtsneewerk (foto nr. 8) kon ek as gevolg van die taalprobleem nie agterkom nie.

Ten spyte van die karigheid van museumstukke is dit tog 'n belewenis om in die Calvynhuis in Noyon te vertoef. 'n Mens moet jou probeer inleef in die atmosfeer waarin Calvyn as sensitiewe jong kind 460 jaar gelede hier opgegroei het. Dit was 'n deur en deur Roomse klimaat. Watter onuitwisbare indruk moet die gewydheid van byeenkomste in die katedraal en almal se ontsag vir die relikwieë nie op hom gemaak het nie. Die indrukke van 'n mens se kinderjare kan jy nie maklik uitwis nie. Juis daarom is dit byna onbegryplik dat uit die biskopstad Noyon een van die grootste hervormers sou kom.

Net God se wonderbaarlike leiding in die lewe van die seun van Noyon kan dit verklaar.

# 3. Na Ourscamp aan die Oise

NA 'n vlugtige blik in die pouslike paleis waarin die Museum van Noyon gehuisves word, en 'n goeie halfuur lange wag op 'n huurmotor, uiteindelik verder op die voetspore van Calvyn na die Abdy van Ourscamp, wat slegs ses kilometer daarvandaan is; maar ek is 'n paar rand aan huurmotorgelde kwyt, want langs die pad neem ek nog gou-gou 'n foto van die Oise-rivier.

## 'n Waardevolle skedel

Oor dieselfde rivier het 'n jong seun ongeveer 460 jaar gelede aan die hand van sy moeder onderweg na Ourscamp gestap. Calvyn het dit nooit vergeet nie. As hy in 1543 in Genève sy skerp, ironiese *Traktaat oor die relikwieë* skryf, leef die herinneringe nog helder by hom hoe hy saam met sy moeder in Ourscamp die skedel van die heilige Anna gesoen het.

So 'n "pelgrimstog" is seker destyds deur menige gelowige gemaak, want Ourscamp was in die vyftiende eeu 'n beroemde plek juis as gevolg van hierdie skedel van Anna, die moeder van Maria. Die waardevolle besitting(!) is na die nederlaag van Nicopolis in Bulgarye aan die Donau (1396) deur die ridder Matthieu du Plessier de Roye uit Hongarye na Ourscamp gebring. Reeds in 1440 is dit aan die abdy van Ourscamp beloof, maar die amptelike intog van die relikwie kon eers na eindelose stryerye in 1490 plaasvind. Volgens mededeling is die relikwie vandag nog in die kerk van Chiry-Ourscamp te sien, waarheen dit in 1807 oorgebring is.

Nadat ons nog so 'n bietjie apartheidspolitiek gesels het – gelukkig het die Engels van die huurmotorbestuurder hom nie in staat gestel om te breedsprakig te raak nie!, hou die motor stil voor die poort met traliewerk langs die grag wat die abdy omring. Die gebouekompleks van die abdy staan alleen tussen uitgestrekte, groen koringlande.

## 'n Beer help kerk bou!

Van die vroegste oorsprong van Ourscamp weet ons alleen uit die legende van die reeds genoemde St. Eloi. Hy was eers goudsmid, raadgewer en minister van koning Dagobert, maar na die koning se dood het hy biskop van Noyon geword en het hy hom saam met enkele vrome vriende buite Noyon aan die oewer van die Oise teruggetrek. Behalwe 'n kerkie het hy hier ook 'n abdy laat bou. Terwyl 'n kneg besig was om stene daarvoor aan te ry, het 'n beer uit die bos gekom en — so word vertel — al die osse opgeëet. Eloi veroordeel toe die beer om in die plek van die trekdiere die wa te trek en aan die abdy te help bou, totdat dit voltooi was! (Heel waarskynlik kom die naam "Ourscamp" hiervandaan: "ours" = beer.)

Hierdie klooster van Eloi bestaan nie meer nie. In 1128 het daar egter 'n groter abdy gekom. Die bekende Middeleeuse denker, Bernard van Clairvaux, het met 'n twaalftal monnike na die nuwe klooster gekom. Binne 'n kort tydjie was die totale bevolking van die klooster reeds 1 000 monnike. Later het nog meer geboue gevolg. In die felle stryd teen die Duitsers tydens die Eerste Wêreldoorlog het egter nie veel daarvan oorgebly nie (foto nr. 9).

## 'n Stil agtermiddag tussen swyende ruïnes

Uit die ruïnes van die abdykapel uit die dertiende eeu (foto nr. 10 en 11) kry 'n mens 'n vae indruk van die eertydse glorie daarvan. Daar naby tussen die gras versteek is die eenvoudige beeldjie van 'n knielende monnik. Sou hier dan geen ander mense wees as die boer daar anderkant wat besig is om gras te kap nie? Belewe ek hallusinasies? Nee, tog nie. Dit is werklik 'n monnik in sy swart gewaad wat in die paadjie afgestap kom. Hy is op pad na die kerkie aan die oorkant, wat nog gebruik word. 641—1977: dertien eeue al het monnike soos hierdie een hulle lewe hier in afsondering geslyt. Wat sou hierdie bouvalle nie alles kon vertel as hulle kon praat nie!

So jammer dat ek nie Frans magtig is nie. Ek sou so graag baie meer oor hierdie ou

geboue en ruïnes wou weet…

Nou nog herbeleef ek die betowering wat op hierdie stil middag — daar was net een ander besoeker behalwe ekself — van die grys, swyende ruïnes uitgegaan het. Sou dieselfde soort lenteblommetjies wat nou so vrolik tussen die gras uitslaan, ook in Calvyn se jeug hier gebloei het?

Met 'n skok onthou ek dat die trein na Parys net twee minute op Noyon stilhou. Ek sal moet aanstaltes maak! Teen die aand is ek terug in die stad waarheen ook Calvyn in 1523 vir verdere studie vertrek het. Wat sou daar te vinde wees wat nog aan die vurige, skrander jong Pikardiër herinner?

# 4. Student in die hoofstad

VANDAG is dit 'n kosmopolitiese wêreldstad waar die vreemdeling nogal moet kop krap om sy weg bo- en ondergronds in die miernes te vind. Gelukkig is daar 'n hulpvaardige medereisiger uit Amsterdam wat hom oor my ontferm en my touwys maak om my weg met die métro (ondergrondse treine) te vind. As die eentalige ontvangsdame by die hotelletjie nie kan verstaan wat ek nou eintlik wil hê nie, skryf ek net die naam van pasteur Kayayan op 'n papiertjie, en daar gaan vir haar lig op! (Ds. Aaron Kayayan het in 1975 die Internasionale Konferensie vir Christelike Hoër Onderwys op Potchefstroom bygewoon en was so vriendelik om vir my akkommodasie naby hom te reël.)

Hoe sou Calvyn Parys ervaar het toe hy as veertienjarige seun die eerste keer na die hoofstad gekom het? Moontlik tog 'n bietjie makliker — hy het ten minste Frans geken!

In hierdie groot stad word die herinnering aan Calvyn nog bewaar in die naam van 'n klein onooglike straatjie wat na hom vernoem is. (So vind 'n mens ook 'n Rue Calvin in Noyon, Straatsburg, Genève en wie sou dit verwag — twee Calvynstrate in Berlyn: die een in die deur die Hugenote gestigte stadsdeel Moabit en die ander in Von Hermsdorf.) Uit sy studentejare is daar nog enkele bakens oor.

## Student aan die Collège de la Marche

Naby die bekende Panthéon (foto nr. 12), in die Rue Valette 4, tref 'n mens tans die Collège Sainte Barbe (foto nr. 13) aan, wat volgens mededeling die oorspronklike Collège de la Marche was waar Calvyn die eerste tydperk in Parys gestudeer het. (In 'n groot vertrek hang onder beroemdes wat hier gestudeer het, ook die portret van Calvyn). Dit is hier waar Calvyn onder die bekwame Mathurin Cordier sy goeie Latyn geleer het.

## 'n Moeilike tyd

Ongelukkig was Calvyn se verblyf hier maar van korte duur. Hy word (heel waarskynlik op versoek van die owerhede in Noyon, wat sy gelde moes betaal) na 'n ander kollege van die Paryse Universiteit oorgeplaas. Hier, in die Collège Montaigu (foto nr. 14) het Calvyn swaar geleef. Dit was nie alleen verskriklik vuil (met 'n plaag van allerlei "ongediertes" in die kamers) nie, maar die etes was ook ellendig, en die dosente het die lat nog kwistig gebruik! Ook die sedes van die studente was nie van die beste nie. Geestelik was dit nie beter gesteld nie. Die Collège Montaigu was 'n bolwerk van die konserwatiefste skolastiek. Die jong Calvyn maak hier kennis met die ketterjagtery en eindelose spitsvondige redenasies van die Roomse Kerk van destyds. Gelukkig leer hy hier behalwe die Middeleeuse denke ook die Kerkvaders ken. In sy latere lewe kan hy die geskrifte van die Kerkvaders uit sy kop opsê! Dit is nie onmoontlik nie dat Calvyn in hierdie tyd via die verbete vyande van die Reformasie reeds iets van reformatore soos Johannes Huss, John Wycliffe en Martin Luther te hore gekom het nie.

## Opgegaan in studentelewe

Na 'n hele gesoek in die Rue Valette (die straatnommers is verander) is ek uiteindelik deur 'n poortjie en by die regte plek. Hoog in die lug, op pilare, staan 'n klein kamertjie (foto nr. 15) wat as die woonplek van Calvyn uit sy studentedae in Parys aangewys word.

Dikwels word Calvyn — reeds in sy studentejare — as 'n somber mens met 'n geslote natuur voorgestel. Hy was wel 'n hardwerkende student, maar uit die baie vriende wat hy hier gemaak het (sommige was lewenslange vriende en het later selfs in Genève na hom toe gekom), blyk dit dat dit 'n misleidende beeld is. Hy het die normale lewe van 'n student van destyds gevoer.

## Vertrek uit Parys

Veel meer uit die lewe van Calvyn bied die huidige Parys nie. Calvyn moes Parys reeds in 1528 in opdrag van sy vader verlaat. Gérard Cauvin het heelwat moeilikhede met die

kerklike owerhede gehad en het besluit dat sy begaafde seun nie meer priester sou word nie. Studie in die Regte sou vir hom 'n beter toekoms bied. Hiervoor moes Calvyn egter na Orléans.

Heel moontlik was Calvyn self nie baie teleurgesteld oor die verandering nie. Afgesien van die haglike omstandighede aan die Collège Montaigu het die geestelike spyse wat hulle daar ontvang het, hom ook nie bevredig nie. Hy en andere het heelwat kritiek op die Roomse leer en lewe gehad. Calvyn het reeds gehoor van die nuwe reformatoriese beweging onder leiding van Luther in Duitsland. In sy eie land was daar ook groot belangstelling vir die humanistiese studies (o.a. die briljante geleerde Guillaume Budé) en hernieude ywer vir Bybelstudie. Calvyn onderhou onder andere kontak met sy neef Pierre Robert d'Olivet (of Olivetanus), wat 'n paar jaar later die Bybel in Frans vertaal het.

Die harde voorbereidende jare was dus allermins vrugteloos. Dit sou ook nie die laaste keer wees wat Calvyn Parys sou besoek nie . . . By ten minste nog vyf ander geleenthede was die Pikardiër in die hoofstad.

# 5. Hugenotebakens in Parys

AS 'n mens in Parys kom, loop jy natuurlik nie net op die spore van Calvyn rond nie. Daar is baie meer om te sien. Ek wil dus so 'n bietjie afdwaal en eers een en ander uit die boeiende Hugenote-geskiedenis vertel. Later neem ons dan weer die draad op en volg Calvyn na Orléans.

## Monument vir Hugenoteadmiraal

Digby die bekende Louvre (Palais du Louvre), tussen die Rue de Rivoli en die Rue Saint-Honoré, vind 'n mens die Oratoire du Louvre. Die kerk self (foto nr. 16), eers vanaf 1844 Protestants, is nie so belangrik as die pragtige monument (op die fasade wat aan die Rue de Rivoli front) van admiraal Caspard de Coligny (foto nr. 17) nie.

Soos u op die foto sal sien, staan die indrukwekkende admiraal De Coligny, leier van die Hugenote, tussen twee sittende vrouefigure. Die linkerfiguur simboliseer die volk: sy dra 'n kroon met die inskripsie "Saint-Quentin 1557" (die plek waar Coligny die stad verdedig het toe dit deur die Spanjaarde oorval is). Die regterkantse vrouefiguur is simbool van die (Protestantse) godsdiens: sy het 'n palm in die hand met die datum 24 Augustus 1572 daarop — die datum van een van die verskriklikste nagte uit die geskiedenis van die Protestantisme. In hierdie nag (bekend as die St. Bartholomeusnag) is talle Protestante onverhoeds oorval en vermoor. Onder hulle was ook De Coligny, wat net 'n klein entjie hiervandaan (by Rue de Rivoli 144) doodgesteek is. Die teken tot hierdie bloedbad was die klokgelui uit die St. Germain l'Auxerrois langs die Seine, nie ver van die Oratoire nie.

'n Mens vergeet nie maklik hierdie besondere monument en die verskriklike geskiedenis wat dit oproep nie. (Die ingebruikneming daarvan was op 24 Julie 1889.) Net jammer dat die traliewerk daaromheen dit so moeilik maak om 'n goeie foto daarvan te bekom!

## Notre Dame

Wie kan nou hierdie indrukwekkende gebou (foto nr. 18) verbyloop as jy in Parys is? Dit is ook nie sonder betekenis vir ons pelgrimsroete op die spore van Calvyn nie. Op die plein voor hierdie imposante bouwerk is nie alleen die werke van Luther in 1523 deur die Roomse verbrand nie maar in 1543 ook 'n uitgawe van Calvyn se *Institusie.*

Deurdrenk van Hugenotegeskiedenis

Op dieselfde eiland in die Seine waarop die Notre Dame staan, vind 'n mens ook die Palais de Justice (Paleis van Justisie). In die kloktoring van hierdie gebou (foto nr. 19) is baie Hugenote as gevolg van hul geloof gevange gehou.

'n Verdere wandeling deur Parys bied nog meer uit die veelbewoë Hugenotegeskiedenis.

## Martelaarsgeskiedenis

Ongeveer by nr. 67 van die Rue de la Grange aux Belles het die galg van Montfaucon gestaan, waarheen die lyk van De Coligny gesleep is.

Die Place de l'Hotel de Ville is die plek waar die doodstraf voltrek is — ook oor baie Protestante.

Ook op die Place Maubert is baie Hugenote tereggestel.

In die Saint-Germain des Prés is daar 'n abdy wat die bakermat van die Franse Hervorming genoem sou kon word. Reeds in 1512 het Lê Fèvre d'Etaples daar sy *Kommentaar op die briewe van Paulus* opgestel, waarin die regverdiging deur die geloof alleen — een van die kerngedagtes van die Reformasie — bely word. In die tuin van die kerk (wat aan die breë Bulevard St. Germain grens) sien 'n mens die beeld van die Hugenoot Bernard Palissy, wat ter wille van sy geloof baie jare in die gevangenis deurgebring het en ook in die Bastille gesterf het.

## 'n Besondere biblioteek

Die Biblioteek van die Franse Protestantisme (Biblithèque de la Société de l'Histoire du Protestantisme Francais), Rue de Saint-Pères 54, het 'n pragtige versameling geskrifte (±120 000), waarvan sommige baie oud is. (Dit is alleen van Dinsdag tot Saterdag 14h00-17h00 oop.) Hier vind 'n mens onder andere een van die klein Bybeltjies wat die Hugenotevroue in hulle bollas weggesteek het!

In die Rue Visconti (vroeër die Rue des Marais) is die samekomste van die Protestante gebou, en hier is in 1555 ook die eerste predikant bevestig – die offisiële vestiging van die Gereformeerde Kerk in Parys. Hier het ook die eerste Algemene Sinode in 1559 gesit, waartydens die nuwe geloofsbelydenis ("Confession de la foi et la discipline") aanvaar is.

Tussen die Rue de l'Université en die Quai Voltair lê die gebied Grand Pré aux Cleres, die terrein waar die studente van destyds graag saamgekom het. Hier het hulle in 1558 die Psalms volgens die Franse vertaling van Clément Marot (foto nr. 20) op die musiek van Claude Goudine gesing.

Dan is daar nog, daterend uit die tyd van Calvyn, die klein kerkie (église) van St. Julien lê Pauvre en die St. Séverin-kerk.

'n Mens word stil as jy lees en hoor van die lyding wat ons voorouers – die meeste van ons het seker ook wel 'n bietjie Hugenotebloed! – bereid was om ter wille van hulle geloof te verduur. Ook hier was die bloed van die martelare egter die saad van die kerk, want baie Hugenote het na Engeland, Nederland, die Skandinawiese lande, Duitsland, Switserland, Noord-Amerika en Suid-Afrika gevlug. Onder die eerste Franse vlugtelinge was Johannes Calvyn ...

# 6. Deur Hugenoteland

VIR diegene wat moontlik eendag die geleentheid vind om aan meer plekke in Frankryk as alleen aan Parys 'n besoek te bring, vertel ons nou graag meer.[1]

## Toer deur die Weste van Frankryk

Ons begin by Orléans ten suidweste van Parys – die plek waar ons Calvyn in 'n vorige hoofstuk agtergelaat het – en toer suidwaarts af al langs die ou kastele aan die Loirerivier. In hierdie gebied het in die loop van die sestiende eeu aangrypende tonele afgespeel: tussen 1562 en 1598 het Frankryk nie minder as agt godsdienstige oorloë beleef nie!

In Talcy, op die regteroewer van die Loire, het Katherina de Médicis in 1562 die vernaamste leiers van die Protestante byeengeroep om aan hulle volgens edik 'n mate van godsdiensvryheid toe te staan.

## Ongekende wreedhede

In Amboise kan 'n mens die kasteel besigtig waar die lyke van die Protestante in 1560 van die balkon af as afskrikmiddel ten toon gestel is. Slegs drie jaar later het Katherina du Médicis met die prins van Condé in dieselfde kasteel die Verdrag van Amboise onderteken, waarvolgens aan die Protestante in bepaalde stede vryheid van godsdiens toegesê is. Die verdrag was egter nie eers soveel werd as die papier waarop dit geskryf is nie!

## Oorsprong van die naam "Hugenoot"

Nie ver wes hiervandaan nie lê die plekkie Tours. Hier het die Franse Protestante omstreeks 1550 by die Toring van Hugon byeengekom. Dit sou volgens sommige historici aanleiding gegee het tot die naam *Huge-noot.*

Trek 'n mens hiervandaan verder na die suidweste, kom jy oral ou kastele teë: talryke ruïnes van kastele uit die dertiende en vyftiende eeu te Chinon, vyftiende-eeuse in Langeais, veertiende- en sestiende-eeuse in Villandry.

Van Chinon af kan 'n mens na Saumur gaan, wat in die sestiende eeu 'n bolwerk van die Reformasie was. Hier is onder andere die indrukwekkende kasteel waar Duplessis-Mornay vertoef het. Hier het hy ook in 1599 'n Protestantse teologiese skool gestig.

## Edik van Nantes

Ook Nantes, nie ver hiervandaan nie, is die moeite werd om te besoek. Op 13 April 1598 is in die kasteel die bekende Edik van Nantes onderteken. Na onbeskryflike lyding het hierdie verdrag aan die Protestante uiteindelik godsdiensvryheid gebied wat hulle ongeveer 'n eeu lank kon geniet: dit is in 1685 herroep.

## Ons tref weer die spore van Calvyn aan

Van Nantes, oor Saumur weer terug na Chinon en vandaar verder suidwaarts na Poitiers. Hier kry ons ook weer die spoor van Calvyn: 446 jaar gelede (1534) het hy op sy swerftogte (nadat hy tot die Protestantisme oorgegaan het) ook hier aangedoen. Saam met sy vriend Louis du Tillet het Calvyn in die omgewing van Poitiers op geheime byeenkomste geesverwante toegespreek. Onder andere word die grot te Saint Bénoit aangewys, waar die evangelie in die geheim deur hom verkondig is.

## 'n Sinode en . . . die stad word beleër

Van Poitiers weswaarts oor pragtige landskap na die kus en 'n mens bereik die hawestad La Rochelle. In 1571 het die Algemene Sinode hier byeengekom wat onder

[1] *Ongelukkig kon ek self nog nie die plekke besoek nie. Vir my bly dit ook nog 'n ideaal. Ek hoop dus dat die feite in Hoofstuk 6 en 7 alles korrek is.*

voorsitterskap van Calvyn se opvolger, Théodore de Bèze, 'n definitiewe karakter aan die gereformeerde geloofsbelydenis moes gee. Baie swaar moes hierdie stad ter wille van sy geloof ly. In 1573, net na die St. Bartholomeusnag, is dit beleër; slegs 'n half eeu later volg 'n nog verskrikliker beleg. Kardinaal de Richelieu, wat die Hugenote 'n genadeslag wou toedien, het die stad omsingel en dit ook met 'n dyk van die hawe afgesny. Nadat die beleërde stad 12 000 lewens verloor het en nog slegs 74 weerbare manne oorgehad het, moes hulle oorgee. Die Protestantse Museum in La Rochelle is ryk aan herinneringe uit hierdie tyd.

## Die oop see as plek van aanbidding

Verder suidwaarts langs die kus af oor Rochefort en die reisiger bereik die eilande van Arvert. Hier op die oop see was die enigste moontlikheid waar die Protestante sonder groot gevaar dienste kon hou. Hulle het op bootjies saam erediens gehou!

Om deur die landskap te ry is om deur 'n geskiedenisboek van die Hervorming te blaai. Daar is soveel plekke uit die annale van die Reformasietyd wat jy nou met jou eie oë kan sien.

# 7. Hugenotespore in die suide [2]

ONS laaste halte in die vorige hoofstuk was naby Rochefort aan die weskus. Die pelgrimsreis koers nou oor Bordeaux – ook geen onbelangrike plek uit die Reformasiegeskiedenis nie – en van daar af weer reg ooswaarts die binneland in. Hier in die mooi suide van Frankryk het die hervormingsgesindes – 'n tyd lank altans – veel meer vryheid geniet. Daar was 'n periode waarin die meeste prinse die nuwe leer geduld het. Onder Lodewyk XIII en Lodewyk XIV moes die Protestante egter ook met bloed vir hulle geloof betaal. In plekke soos Sainte Foy la Grande, Bergerac en La Force vind 'n mens vandag nog Protestantse gemeentes.

## Onder die beskerming van 'n koningin

Oor Cahors gaan 'n mens na Montauban, wat in die branding van die geloofstryd gestaan het. In hierdie omgewing langs die Tarn-rivier verrys die "Institut Jean Calvin". Nie ver hiervandaan nie, in Nérac (meer na die weste), lê ook die spoor van Calvyn. Tydens sy swerftogte na sy vlug uit Parys het hy — soos vele geesgenote – hier die beskerming van Margaretha van Angoulême, koningin van Navarra, geniet. Hier is nog die ou kasteel waar die hofhouding van die koningin was. Calvyn ontmoet hier ook die ou Lefèvre d'Etaples en 'n vriend, Roussel, uit sy Parystyd. Hy het egter nie lank hier vertoef nie (April-Mei 1534). Ook sy opvolger, Théodore de Bèze, het hier (in die huis wat vandag as "Die leerstoel van Calvyn" bekend staan) 'n toevlug gevind.

In Lescar, in die suidwestelike hoek van Frankryk, vind 'n mens in die 12e-eeuse katedraal die graf van die pas genoemde Margaretha van Navarra (of Angoulême). Pau, 'n klein entjie daarvan, was die hoofstad van die konings van Navarra. Die kasteel van Hendrik IV kan daar bewonder word.

Die roete gaan nou verder ooswaarts oor Tarbes en Saint Gaudens, verby die beroemde grot van Mas d'Avril, waar die Hugenote in 1625 beleër is.

## Tragedie van Toulouse

Reg noord van die geskiedkundige grotte lê die plekkie Toulouse. In 1562 (die St. Bartholomeusnag van Toulouse) is 5 000 Protestante hier uitgemoor. Tweehonderd jaar later (in 1761) speel hier weer 'n tragedie af, waarvan u in die aangrypende historiese roman van Jan Overduin: *Tragedie van Toulouse,* kan lees. (Dit is ook onder die titel *Hugenote op die pynbank* uit Nederlands in Afrikaans vertaal.) Hierdie heel besondere, ontroerende boek stel 'n mens in staat om jou in die leef- en denkwêreld van Roomse Frankryk twee eeue gelede in te leef.

Vanaf die grot Mas d'Avril verder weswaarts na Carcassonne met sy middeleeuse vesting waarin baie geloofshelde en -heldinne onskuldig in die gevangenis moes uitteer.

## Geloofsoorloë in die Cévennes

Hiervandaan noordwaarts die bergagtige gebied van die Cévennes in ... en jy betree nog 'n gebied waar bloedige oorloë tussen (Let wel!) Christene gewoed het. Van 1702 tot 1710 het die oorlog van die Camisards tussen die Protestante en die soldate van Lodewyk XIV hier plaasgevind. Die Hugenote het hulle in hierdie bergagtige omgewing teruggetrek en dikwels in grotte gelewe. "Grotte des Demoiselles" by Ganges is maar een daarvan. Ten noorde van Anduz vind die reisiger ook die Protestantse Museum "Musée du Désert" (fotos nr. 21, 22, 23, 24), in die gehuggie Les Mas-Soubeyran.

Suidwaarts gaan ons nou na Nimes, met nog gedenktekens uit die Hugenotestryd. Montpellier, nie ver daarvandaan nie, is in 1567 deur die Protestante beset.

---

[2] *Twee persone wat die Gereformeerde Ekumeniese Sinode in 1980 in Nimes, Frankryk bygewoon* het, *het onlangs interessante artikels oor hierdie gebied geskrywe. Kyk Duvenage, S. C. W.: Die Hugenoteland.* Die Kerkblad, 83 (2579;: *1, 2, 10 Desember 1980 en Brown, Magdaleen: Gister en vandag rondom Nimes.* Die Kerkbode, 1, 8, 15, 22 en 29 Oktober 1980.

## Tronke loop oor van . . . gelowiges

In Aigues-Mortes (foto nr. 25) kan die "Tour de Constance" (Toring van Standvastigheid) besigtig word (fotos nr. 26, 27, 28, 29). Marie du Rand het in die vervolginge haar moeder, vader en broer ('n Protestantse predikant) verloor. Op 14 Julie 1730 word sy self ook deur die dragonders na die klipvesting van Aigues Mortes geneem en in hierdie donker toring teen die see word sy 38 jaar gevange gehou! (foto nr. 30). Eers in 1768 is sy – oud en sieklik — deur 'n goewerneur, wat die skokkende toestand in die gevangenis ontdek, vrygelaat. In die 38 jaar was sy egter die geestelike leidster van die ander vrouegevangenes. In antwoord op die pogings van die Roomse priesters om haar geloof af te sweer het sy op die klipvloer van die tronk uitgegraveer *Résister:* bied weerstand! (Diegene wat Frans magtig is, vind meer besonderhede in A. Chamson: *La Tour de Constance.)*

Hoeveel Hugenote het in die tyd nie in gevangenisse weggekwyn en gesterwe nie? Ook op die eiland Saint Honoret in die Middellandse See was daar 'n Hugenotetronk. Onder die gevangenes was ook ses Franse predikante. In 1950 is daar ter ere van hulle 'n monument onthul: die beeld van 'n biddende predikant.

Duisende Protestantse mans is tot galeislawe veroordeel. Op pad na die galeivlote is baie van hulle in Chateau D'if, 'n verlate stukkie rots (fotos nr. 31, 32) in die Middellandse see naby Marseilles, gevange gehou. Die tronkselle in die Middeleeuse kasteel kan vandag nog besigtig word (foto nr. 33). Bokant die ingange van die selle is die name van sommige bekende gevangenes wat daar ingekerker was, aangebring. Ter gedagtenis is daar vandag 'n afbeelding van 'n galeiskip (foto nr. 34) asook 'n marmerplaat ter herinnering aan die 3 500 Protestante, wat hier veroordeeldes vanweë hulle geloof was, aangebring (foto nr. 35).

So sweef die beelde uit 'n aangrypende stuk geskiedenis voor ons verby . . .

## Noordwaarts: vervolging, lyding, moord . . .

As 'n mens langs die oostekant van Frankryk weer noordwaarts Parys toe koers, tref jy nog meer Hugenotebakens aan. Ook in die omstreke van Parys is daar baie te sien. In Vincennes is daar nog 'n gevangenis met inskripsies van die Hugenote. In Fontainbleau, in die salon van Madame de Maintenon, is die intrekking van die Edik van Nantes (1685) onderteken. Ten noordweste van Parys lê Poissy, met die abdy waarin in 1561 die vergeefse samesprekings tussen die Roomse en Protestante gehou is.

In Rouen (Normandië) het die Hervorming reeds vroeg veld gewen. Daarom word die stad aangeval en die predikant Marlorat voor die katedraal opgehang!

## Op soek na 'n nuwe vaderland

So is daar nog baie ander histories besienswaardige plekke: Alencon, Saint Lo sur la Vire, Caën en Dieppe. By laasgenoemde plekkie, aan die noordkus van Frankryk, is ook talle Hugenote in die kasteel gevange gehou. Naby hierdie kasteel sien ons ook die standbeeld van 'n Protestantse seevaarder, Jean Rigault, wat deur admiraal Caspard de Coligny na Amerika gestuur is om 'n kolonie vir die vervolgdes te vestig. Digby die Belgiese grens lê Avesnes, waar nog 'n monument aan die pionier Jessé de Forest herinner. Hy het die grondslag van New York gelê, wat voorheen Nuwe Avesnes genoem is.

## By die beginpunt van die godsdiensoorloë

In Vassy kan hulle aan u die "La Grange du Massacre" wys, waar in 1562 driehonderd Hugenote oorval is van wie sestig gedood en tweehonderd gewond is ... die begin van die eerste van die agt godsdiensoorloë.

Hoe swaar moes ons Protestantse voorsate ter wille van hulle geloof ly! Ons besit vandag 'n ryke erfenis wat in hierdie tyd met bloed en trane verwerf is. Hoeveel het ons nog daarvoor veil?

# 8. Calvyn in Straatsburg

NA die intermezzo oor die Hugenote keer ons weer terug op die spore van Calvyn. Dit is nie moontlik om hom op die voet te volg nadat hy in 1528 Parys verlaat het nie. Ons noem net die belangrikste datums, plekke en gebeurtenisse om langer by sy verblyf in Straatsburg stil te staan.

Nadat hy van 1528 tot 1531 in Orléans gestudeer het, behaal hy die lisensiaat in die Regte. Op 26 Mei 1531 is sy vader oorlede, en Calvyn vertrek na Noyon. Daarna studeer hy met onderbrekings tot 1533 weer in Parys en Orléans en skryf ook sy "proefskrif" (oor Seneca se *De Clementia)* in 1532.

## Beroering in Parys

Toe was sy rustige studiedae ook getel (foto nr. 36). Vanaf 1 November 1533 sou Calvyn 'n voortvlugtige word. Die oorsaak hiervan was die redevoering van Nicolas Cop, destyds hoogleraar aan die Paryse Universiteit. Cop is in 1533 tot rektor verkies, en in die gebruiklike rektorale rede het hy hom ten gunste van die Reformasie uitgespreek. Toe was die duiwel los! Cop het ter nouernood daarin geslaag om te ontvlug. Aangesien Calvyn met hom bevriend was (daar bestaan 'n sterk moontlikheid dat Calvyn self ook nog die gewraakte rede van Cop help opstel het), moes hy hom ook uit die voete maak. Dit word vertel dat toe sy Roomse agtervolgers aan die voordeur van die Collège Fortet klop, hy aan die agterkant van die huis met lakens wat aanmekaargeknoop is, neergelaat is! Hy moes al sy boeke en besittings net so agterlaat. . .

## Voortvlugtige

Hy vlug na die suide van Frankryk. Calvyn was nou 'n "bekeerde" Protestant. In Mei 1534 doen hy dan ook afstand van sy kerklike voorregte, want hy kon nie verder geld aanvaar van die Roomse Kerk waarvan hy nie meer lidmaat was nie. In 1534 swerf hy onder andere rond in Angoulême, Orléans, Poitiers en Straatsburg. In 1535 skryf hy die eerste uitgawe van sy beroemde *Institusie,* wat in die daaropvolgende jaar in Basel in druk verskyn. In dieselfde jaar (1536) vertoef hy 'n tyd lank (onder die skuilnaam Charles d'Espeville) in Ferrara in die noordoostelike hoek van Italië, nie ver van die groot Gardameer nie. Hier geniet hy die beskerming van die hervormingsgesinde hertogin Renée de France. Onder andere het Clément Marot, die bekende Franse digter (wat later die Psalms in Frans sou berym), ook hier vertoef. Dit het egter hier, in die land waar die pous regeer, gou vir Calvyn te warm geword en hy vlug oor Aosta (in die heel noord-westelike hoek van Italië) terug noorde *toe.* In die omgewing sou hy ook vir die evangeliegesindes gepreek het. Daar bestaan ook die verhaal dat hy ter nouernood aan gevangeneming deur die Roomse inkwisisie ontsnap het. 'n Monument in Aosta herinner nog steeds aan sy vlug deur hierdie plek. Die datum 14 Mei 1541 op die monument is egter foutief, want toe was Calvyn in Straatsburg. Die korrekte tyd van sy verblyf hier in die Noorde van Italië was waarskynlik Mei (of April) 1536.

Calvyn het hiervandaan na Basel en Parys gegaan. Daarvandaan wou hy weer na Straatsburg toe gaan, waar daar toe reeds baie Protestantse vlugtelinge was. Hy word gedwing om met 'n omweg oor Genève te gaan. Hierdie omweg was egter 'n goddelike beskikking van beslissende betekenis vir sy latere lewe . . .

## Eerste verblyf in Genève

Die bevolking van Genève het so pas (op 21 Mei 1536) die Reformasie aanvaar, en daar is groot behoefte aan leiding. Guillaume Farel hoor van Calvyn se teenwoordigheid in die stad en dwing hom (Julie 1536) om in Genève te bly! Calvyn se verbondenheid met Genève sou feitlik die res van sy lewe duur.

Die eerste ruk het dit egter nie so maklik gegaan nie. Die opposisie het daarin geslaag om Farel en Calvyn uit te werk, sodat hulle al weer in April 1538 die stad moes verlaat. (Die loop van die geskiedenis is soms egter wonderlik: reeds in 1541 sou Calvyn weer na Genève teruggeroep word!)

Wanneer Calvyn Genève moet verlaat, gaan hy (nadat hy slegs kort in Bern, Zürich en Basel vertoef het) na die plek waarheen hy op pad was voordat hy in Genève deur Farel voorgekeer is: Straatsburg.

## Predikant in Straatsburg

Calvyn word na hierdie mooi stad as predikant van die Franse vlugtelinge geroep. Hy word ook lektor aan die akademie aldaar. Hier het hy meer rus, sodat 'n tweede, uitgebreider uitgawe van sy *Institusie* (in 1539) kon verskyn. Hy skryf ook sy eerste kommentaar op die Bybel, nl. die oor Romeine. Verder neem hy aan verskillende godsdiensgesprekke met die Roomse deel, in 1540-1541 onder andere aan die te Worms, waar Luther ook teenwoordig was en die bekende woorde teenoor pous en keiser sou uitgespreek het: "Hier staan ek, ek kan nie anders nie!"

In 1540 tree Calvyn hier ook in die huwelik met Idelette de Bure (foto nr. 37). Slegs nege jaar later (1549) het sy hom ontval. Hulle het net een kind gehad, 'n seuntjie, wat op 28 Julie 1542 gebore maar kort daarna oorlede is. Calvyn het ook die droefheid geken om diegene wat na aan jou staan, aan die dood af te gee . . .

## Straatsburg vandag

Maar u is seker al nuuskierig om te weet of iets in die huidige Straatsburg nog aan die tyd van Calvyn herinner. Ja, daar is sigbare tekens soos 'n straatjie na hom vernoem (foto nr. 38) en ook geestelike dinge wat sy nagedagtenis nog lewend hou.

Laat ons maar by die meer konkrete begin. Straatsburg is 'n interessante stad. Die hele ou stadsgedeelte is deur 'n kanaal omring. Die water van die Illrivier, waaraan die ou stad geleë is, word met 'n kanaal afgekeer en verdeel, sodat die rivier in twee halwe sirkels om die stad vloei. (Die strate reg langs die kanale heet "quai" — uitgespreek *khie* en beteken "kaai".)

## Kerke waar Calvyn gepreek het

Langs die Quai St. Nicolas (aan die buitekant van kanaal) vind ons vandag nog die Église St. Nicolas of die Nicolaskerk (foto nr. 39). Volgens oorlewering het Calvyn aan die begin van sy verblyf in Straatsburg hier twee of drie keer gepreek. Ek is die Sondagoggend met groot verwagting daarheen — 'n teleurstelling tegemoet. Dis nog wel dieselfde ou gebou; maar die boodskap wat daarin verkondig word, is nie meer in die gees van Calvyn nie. Dit is nou een van die baie Pinksterkerke.

Dan maar haas maak na die ander kerk waar Calvyn tydens sy verblyf in Straatsburg die meeste opgetree het, die Église St. Madeleine (foto nr. 40) — net 'n entjie *met* dieselfde kanaal op, ook aan die buitekant van die deur die kanaal omringde ou stadsgedeelte. Hierdie gebou is nie meer die oorspronklike nie, want dit is in die vorige eeu feitlik heeltemal herbou — nie met groot welslae nie, sou ek sê, want dit maak 'n vreeslike somber, morbiede indruk van buite. En by die ingang het ek besluit om maar om te draai – dit is vandag 'n Roomse kerk.

Nêrens aan hierdie twee kerke is daar vandag nog iets wat die besoeker daaraan herinner dat die stem van Calvyn 442 jaar gelede daarin gehoor is nie ...

# 9. Straatsburg verder verken

Gelukkig is daar vandag ook nog gereformeerde kerke in Straatsburg. Een van hulle is in die Rue du Bouclier. Toe ek die vorige (Saterdag)aand die stad gaan verken het, het ek daarop afgekom, omdat daar by die ingang die opskrif gestaan het "Église Réformée fondée par Jean Calvin en 1538" (Die Gereformeerde Kerk, gestig deur Johannes Calvyn in 1538). As hierdie kennisgewing nie by die ingang aangebring was nie, sou ek nooit kon dink dat dit 'n kerk is nie. Van buite lyk dit soos 'n gewone openbare gebou. Die toring lyk ook nie werklik soos 'n kerktoring nie (foto nr. 41). Later sou ek verneem dat dit doelbewus so gebou is, omdat dit in die tyd van die vervolginge opgerig is en gekamoefleer moes word!

## Gereformeerde diens in die vreemde

Ek is nog betyds vir die Duitse erediens om 09h30. (Daar word twee dienste per Sondag gehou, die tweede om 10h30 in Frans.) Die vriendelike predikant, pfarrer A. Pfeiffer, kon my nog die konsistorie met 'n mooi skildery van Calvyn (foto nr. 42) en ook die gedenkplaat (foto nr. 43) wys wat op 9 Oktober 1938 (400 jaar nadat Calvyn na Straatsburg gekom het) onthul is. Die bronsplaat roep die werk van die eerste twee predikante van die Franse Vlugtelinggemeente in Straatsburg, nl. J. Calvyn (1538-1541) en P. Brully (1541—1544), in dankbare herinnering.

Hier voel ek my tuis. Ongelukkig kon ek nie 'n diens in die kerkgebou self bywoon nie: dit staan vol steierplanke, want die gemeentelede is besig om dit uit te verf. Die diens in die klein saaltjie langsaan doen egter niks afbreuk aan die goeie gereformeerde preek oor die toring van Babel nie! Calvyn self het wel nie hierdie kerk geken of daarin gepreek nie, maar die gees is goed Calvinisties.

Na die besielende diens — net jammer daar was so min jongmense – moet ek my litte roer om by die Église St. Paul (foto nr. 44), heeltemal aan die ander kant van die stad, te kom. Wat 'n pragtige stuk argitektuur in die vurk waar die Illrivier in twee strome verdeel! Ongelukkig was die diens net verby. Ek was teleurgesteld, maar twee bedelaars weerskante van die ingang was bly, want by die gemeentelede wat nie al die geldjies reeds in die kollektesak gegooi het nie, kry hulle dalk nog 'n aalmoesie! 'n Vriendelike ontvangs vir 'n vreemdeling is die uitnodiging: "Ons drink tee en koeldrank na die diens. Kom gerus saam".

Hierdie kerk is (volgens mededeling van prof. W. Niesel) na die oorlog van 1871 deur die Duitsers as militêre kerk gebruik en later vir 'n simboliese prys van één frank (ongeveer R0,25) aan die Gereformeerde Kerke van Elsass verkoop!

## Tuis in die Protestantse Seminarie

Sal ek die gasvryheid en hulpvaardigheid van prof. Rudolphe Peter vergeet? Reeds voordat ek in Straatsburg gearriveer het, het hy al laat weet dat ek nie in 'n hotel tuisgaan nie. Hy het gereël dat ek in die "Thomas Stiftung" (die Protestantse kerk se koshuis) moet tuis gaan. Daar kon ek saam met studente aan die koshuistafel teen 'n geringe bedraggie aansit. Watter kosmopolitiese studentegemeenskap: uit Hongarye, VSA, feitlik alle Wes-Europese lande, die Ooste en ... ook uit Afrika kom hulle om in alle vakrigtings te studeer!

Die aandetetjies is maar skraal. 'n Bak rys met tamatiesous gegeur, 'n paar slaaiblare en 'n appel — ten minste as jou buurman langsaan of aan die oorkant joue nie lankal reeds laat verdwyn het nie! Suiwer water om die oorgeblewe leë holtetjies vol te maak ... of is dit dalk die nagereg?

## Deur Europa teen vyf rand per dag!

Teen hierdie tyd het 'n mens egter al geleer om jou maag maar in te trek. Om in 'n kafee te gaan eet is lankal buite die kwessie. Jy koop maar liewer in 'n winkel 'n liter melk, 'n paar broodrolletjies, 'n stukkie botter of kaas en 'n vruggie. Met 'n dompelaar

wat in enige elektriese kontakpunt pas, kan jy kookwater maak vir 'n lekker koppie koffie of sop – veel goedkoper as om tot 75 sent vir 'n bietjie boeretroos te betaal!

## Geestelike nalatenskap van Calvyn voortgesit

Prof. Peter se hartlike gasvryheid was daarvoor verantwoordelik dat ek darem een maaltyd in Straatsburg nie sal vergeet nie. Ek is na die Restaurant République genooi vir die Saterdagaand, en daar het 'n verrassing op my gewag (foto nr. 45). Die hele ete het bestaan uit 'n plat, harde "pannekoek" wat warm op 'n plank bedien is. (Jammer ek het die naam van die gereg vergeet.) Die gasheer sny dit in vier, en as ons dit saam met heerlike Franse wyn verorber het, volg 'n identiese aflewering! So gaan dit voort totdat almal genoeg gehad het.

Hoe sterk het ek nie onder die indruk van geleerdes soos Peter, Rott en Roussell se kennis van die Reformasie en Calvyn gekom nie. Dis veel verrykender om met hulle te kan gesels (al is dit in Duits!) as om al die ou kerke en katedrale te besigtig.

## 'n Minder bekende hervormer

Die meeste van ons ken net die name van Luther, Calvyn, Zwingli en miskien Knox.[3] Daar is egter baie meer hervormers van belang. In Straatsburg was byvoorbeeld Martin Bucer (foto nr. 46). Calvyn het baie van hierdie reformator geleer. Geleerdes wys op die groot verskil in omvang tussen die eerste uitgawe van die *Institusie* (1536) en die tweede, wat in 1539 (dus tydens Calvyn se verblyf in Straatsburg) verskyn het. Wat in die tweede uitgawe bygekom het, kan in 'n groot mate aan die invloed van Bucer op Calvyn se denke toegeskryf word.

Martin Bucer se ampswoning (foto nr. 47) vind 'n mens nog by die Place St. Thomas – regoor die Église St. Thomas (foto nr. 48). In hierdie kerk het Bucer die Woord bedien. Die gebou was as gevolg van die restoureer-werk daaraan vir besoekers gesluit, maar prof. Peter is ouderling en beskik oor 'n sleutel. Watter indrukwekkende gebou van binne! By die ingang is 'n pragtige marmer-reliëf ter herdenking van Bucer se bediening. Verder is daar nog 'n pragtige antieke stuk reliëfwerk wat die "ongelowige" apostel Thomas — na wie die kerk vernoem is — voorstel en nog talle ander ou en mooi dinge, te veel om te noem.

Na nogal heelwat soek het ek die Sondagmiddag die ander kerk waar Bucer ook die Woord bedien het, gevind. Dit is die Église Sainte Aurélie, ongeveer op die hoek van die Rue de la Pte Course en die Faubourgh National. Net die toring van die kerkgebou dateer nog uit die tyd van Bucer. Die besoek was ook nie veel werd nie, want die gebou is omring deur traliewerk en hoë bome en gesluit, sodat ek geen foto kon neem nie en die gebou ook nie van binne kon besigtig nie.

## Bietjie Afrikaans in die vreemde

Die effense teleurstelling maak plek vir 'n verrassing as ek op pad terug by 'n egpaar verbyloop en die vrou aan haar man in Afrikaans hoor sê: "Dit is 'n Suid-Afrikaner daardie!" Ek kon nie anders reageer as met "Ja, ek is een!" nie. In die lekker geselsie wat daarop volg — die eerste Afrikaans in twee weke wat ek toe in die vreemde hoor – vergeet ek skoon om te vra hoe op dees aarde sy dan geweet het dat ek 'n Afrikaner is. Seker maar weer die wonderlike vroulike intuïsie!

## Te veel om in te neem

Straatsburg is 'n mooi ou stad. Vir die fotograaf en skilder is hier genoeg vir die oog (foto nr. 49 en 50). As 'n mens 'n bietjie minder as 'n rand wil betaal – en fiks genoeg is – mag jy die katedraal (foto nr. 51) se 142 meter hoë toring met sy 370 trappies aandurf en vandaar 'n asemrowende uitsig oor die hele stad geniet (foto nr. 52). Dan is jy nog nie eers op die hoogste punt van die gebou nie, want jy staan op die plek waar

---

[3] *Vir foto's van hierdie en ander hervormers kyk fotoalbum nr. 80-89.*

die tweede toring moes kom — maar nooit opgerig is nie. 'n Mens is nie verbaas as jy verneem dat daar van die elfde tot die vyftiende eeu aan hierdie Katedraal gebou is nie. In Straatsburg is ook die oudste apteek (1268) in Ftankryk, interessante musea en nog baie meer. Maar ons moet afskeid neem van hierdie stad. Calvyn word in 1541 weer teruggeroep na Genève, en in hierdie stad is daar nog baie te sien.

# 10. Calvyn in Genève

OP 13 September 1541 is Calvyn terug in Genève, waaruit hy in 1538 verban is! Die sewe-en-twintigjarige Fransman is reeds beroemd as gevolg van sy *Institusie* en ander geskrifte. Hy vind hier 'n kerk wat onlangs die gereformeerde geloof aanvaar het maar groot behoefte het aan 'n prediker wat hulle verder in die reformatoriese belydenis kan onderrig en die kerkorganisasie kan reël. Die Reformasie in Genève was skielik en revolusionêr, en daar moes orde op sake kom. Saam met sy eerste verblyf alhier sou Calvyn byna dertig jaar van sy lewe aan hierdie stad gee . . .

Daar is egter soveel in Genève te sien dat ons die geskiedenis van Calvyn van 1541 tot met sy dood in 1564 hier 'n bietjie op die agtergrond skuiwe en op die sigbare bakens uit die tyd konsentreer. Die leser wat graag wil weet wat Calvyn hier alles wedervaar het, kan dit maklik in een van die vele biografieë oor Calvyn naslaan. (Kyk die leeslys aan die einde van hierdie boek.)

## Geestelike nalatenskap

Natuurlik vergeet ons nie dat hierdie laaste twintig jaar uit die Hervormer se lewe die vrugbaarste was wat sy literêre aktiwiteit betref. Veel belangriker as al die geboue van steen en klip is nog die geskrifte wat hy vir ons nagelaat het (foto nr. 53). Afgesien van talle kleinere traktate, verhandelinge, 'n belydenisskrif en 'n kategismus skryf hy in hierdie tyd ongeveer sewentien kommentare, wat die meeste Bybelboeke dek; verder honderde briewe aan geloofsgenote oor die hele Europa.[4] Hy neem ook aan talle godsdiensgesprekke en -dispute deel. Hierby kom nog sy gereelde preke — nie net Sondae nie maar ook in die week. Vir slaap en rus was daar nie veel tyd in die lewe van hierdie man wat homself in diens van sy Koning letterlik uitgebrand het nie. Hy was getrou aan sy lewensleuse, nl. dat hy sy hart as offer aan die HERE wil wy. (Sy embleem was 'n hand wat 'n brandende hart vashou, met die byskrif *promte et sincère,* bereidvaardig (gereed) en opreg.)

## Woning in die Rue de Calvin

Die meeste besienswaardighede is naby mekaar in die oudste gedeelte van die stad wat taamlik hoog op 'n heuwel lê. Ons begin in die straatjie wat vandag as die Rue de Calvin bekend staan. Ongelukkig bestaan die woning van Calvyn nie meer nie. Op die plek waar hy oorspronklik gewoon het, is daar egter 'n mooi marmersteen met 'n reliëf van Calvyn (foto nr. 54). Die huidige gebou is volgens die inskripsie in 1706 opgerig. Aan die end van die straatjie (na die kant van die St. Pierre) is daar 'n pragtige spuitfontein met heerlike koel water (foto nr. 55) vir die dorstige toeris wat nie die duur koeldrank kan bekostig nie . . . Van hier af het 'n mens ook 'n blik op 'n skilderagtige straatjie wat trapsgewys bo van die heuwel af na onder daal.

## Die St. Pierrekerk

Van die kant van die Rue Calvin na die St. Pierre (foto nr. 56) is net 'n hanetreetjie. Aanvanklik is 'n mens 'n bietjie verward, want wat jy voor jou sien, stem nie ooreen met die foto's wat jy van die kerk gesien het nie. Die fasade is in Grieks-Romeinse styl (foto nr. 57). As jy daar deurstap, kom jy egter in 'n Middeleeuse katedraal in Gotiese boustyl. Later verneem jy dat die fasade in die agtiende eeu aangebring is deur argitekte wat geen respek vir die Gotiese styl meer gehad het nie!

## Indrukwekkend

Van Argitektuur weet ek self nie veel nie, maar ek is tog getref deur die indruk van krag

---

[4] *Van Calvyn se belangrikste werk, die* Institutio Christianae Religionis *(kortweg die* Institusie *genoem), besit ons ongelukkig nie 'n volledige vertaling in Afrikaans nie. Belangstellendes kan egter die verkorte weergawe,* Die Institusie van Calvyn, deur A. Duvenage en L. J. du Plessis (in 1978 deur NG Kerk boekhandel herdruk) raadpleeg.

(die torings skep die idee van vestings) en terselfdertyd elegansie en die gevoel van ruimte (wat die resultaat van noukeurig uitgewerkte verhoudings is) — 'n magtige stuk bouwerk wat soos 'n gebed hemelwaarts trek . . .

Hierdie praggebou is tussen 1160 en 1220 opgerig – die opvolger van Christelike basilieke uit die vierde en sesde eeu – wat op hulle beurt op die plek verrys het waar vroeër heidense tempels gestaan het.

Die lewe van die hele stad het vroeër in hierdie katedraal saamgetrek. In tye van oorlog is dit as 'n vesting gebruik waarin die burgers hulle kon terugtrek. Dit is dan ook in die loop van die geskiedenis meer as een maal afgebrand en herbou. Veel later, na die herroeping van die Edik van Nantes (1685), kon al die Hugenote-vlugtelinge nie meer privaat gehuisves word nie. In die St. Pierre is galerye gebou om verblyf aan hulle almal te bied!

Dieselfde gebou was egter ook 'n opvoedkundige sentrum. Op 5 Junie 1559 is die statute by die offisiële totstandkoming van die Akademie van Genève hier gelees. Sommige van die lesings is ook hier aangebied.

## 'n Sege vir die Reformasie

Hoe het hierdie Roomse Katedraal 'n Protestantse kerk geword? Dit het op 8 Augustus 1535 gebeur toe die Hervormingsgesindes, na 'n diens daar naby, die St. Pierre bestorm en die priesters verdryf het, waarna Guillaume Farel die preekstoel bestyg en die eerste gereformeerde diens gelewer het. Ongeveer nege maande later (op 21 Mei 1536) het die grootste gedeelte van die inwoners van Genève op 'n openbare byeenkoms die Reformasie aanvaar. Van toe af het die eredienste in die katedraal volgens Protestantse gebruik plaasgevind . . .

## Besienswaardige dinge

Daar is in hierdie gebou te veel om te sien en te bewonder: die pragtige gebrandskilderde glasvensters; fresko's; die Kapel van die Makkabeërs, wat die herinnering aan die Tsjeggiese voorloper van die Hervorming, Johannes Huss (op die Konsilie van Constance veroordeel om lewend op die brandstapel te sterf), nog lewend hou; die onvergelyklike blik uit die toring op die stad rondom tot aan die meer ver daar onder; die twee ou klokke in die toring en die pragorrel. Amper vergeet ek die eenvoudige, glad nie gemaklike stoel waarop Calvyn op die kansel van die St. Pierre gesit het – die enigste "persoonlike besitting" van Calvyn waaroor die kerk nog beskik. Soos ons nog sal sien, soek 'n mens tevergeefs onder die grafstene van hooggeplaastes wat in die St. Pierre begrawe is na 'n grafsteen van Calvyn.

## 'n Hemelvaart vir die siel

Om nadat 'n mens dit alles gesien het, ook nog 'n erediens onder die hoë gewelwe te kon bywoon, plaas die kroon op 'n onvergeetlike Sondag in Genève. As dit in jou moedertaal was, sou jy seker nog veel meer aan die diens (dit was 'n Pinksterpreek oor die Heilige Gees) en die doopplegtigheid gehad het. Maar die blote ervaring om hier onder een van die ontsaglike pilare (foto nr. 58) in stille aanbidding te staan – soos talle geslagte die afgelope sewehonderd jaar – is iets groots. Dit is asof die stene na soveel eeue self begin praat, die hele gebou 'n lewende preek is ...

## Onverwagte gasvryheid

Na die diens kon ek nog gou die predikant, wat besig was om die doopsertifikaat uit te skryf, ontmoet. Dr. Henry Babel se ontvangs is vriendelik: ek kry 'n boek wat hy pas oor Calvyn geskryf het, in die hand gestop en word genooi na 'n aangrensende gebou, waar die gemeente gesellig saam verversings geniet. Die Suid-Afrikaner word aan die aanwesiges voorgestel, en daar is gewillige gemeentelede wat bereid is om die vreemdeling die Servet-monument en die plek waar Calvyn begrawe is, te gaan wys.

# 11. Genève: die Calvinistiese Rome

Alles is hier sommer naby mekaar. As 'n mens uit die hoofingang van die St. Pierre stap, is die "Auditoire de Calvin" (foto nr. 59) net om die hoek. Die grondgedagtes van die Calvinistiese lewensbeskouing — wat vanuit Genève so 'n geweldige groot aanslag op die res van Europa gehad het — het in die mure van die Ouditorium van Calvyn as 't ware sigbare vorm aangeneem. Maar laat ons liewer van voor af begin.

## Ouditorium van Calvyn

Onder die huidige gebou vind 'n mens nog die massiewe fondamentstene uit die Romeinse tyd. Die "Genève" van voor Christus was 'n belangrike vesting wat die handelsroete na Gallië bewaak het. (Julius Caeser het ook die plek geken waar Genève tans staan!) In die derde eeu volg 'n Christelike kerkie en in die vyfde eeu nog een daar bo-op. In die elfde eeu word die gebou deur 'n vuur vernietig en groter herbou. In die dertiende eeu heet die kerk "Notre Dame la Neuve". In die vyftiende eeu word dit weer deur 'n brand verwoes maar nog eens herbou. As die Reformasie in 1536 in Genève posvat, word die Middeleeuse kapel nie meer gebruik nie.

## 'n Plek van aanbidding

Die ligging van Genève as die suidelike vesting van die Reformasie en die naam van Calvyn het gou ongeveer 6 000 vlugtelinge na die stad getrek — die inheemse bevolking was maar 12 000! Aangesien baie van die vlugtelinge Frans nie magtig was nie, moes voorsiening gemaak word dat hulle in hulle eie taal die evangelie kon hoor. Daarom word die eertydse Roomse kapel van 1556 af as bedehuis vir die Engels- en Italiaanssprekende Protestante gebruik. Ook anderstaliges (Spanjaarde, Hollanders en Duitsers) gebruik die gebou vir hulle eredienste. Die bekende Skotse Reformator, John Knox (foto nr. 60), het die Engelse gemeente drie jaar lank (1556-1559) hier bearbei. Geen wonder dat Genève later as die "Protestantse Rome" bekend gestaan het nie! Wie vandag die Ouditorium van Calvyn besoek, sien op die kennisgewingbord by die ingang (foto nr. 61) dat daar nog steeds dienste in o.a. Engels en Nederlands gehou word. Dit is ook die plek van samekoms vir die Italiaanse Waldense en die Spaanse Evangeliese Kerk. Dit is dus nog steeds 'n internasionale, ekumeniese kerkgebou — net soos meer as 400 jaar gelede in Calvyn se tyd!

## Eredienste — op weeksdae!

Calvyn het besef dat die onderrig van die volk in die Skrif nie verwaarloos mag word nie. Daarom is daar op weeksdae gereelde samekomste vir Skrifstudie in die Ouditorium gehou (foto nr. 62). Dit het om sewe-uur die oggend reeds begin, sodat die burgers van Genève en die talle vlugtelinge dit nog voor hulle dagtaak begin, kon bywoon. Die byeenkomste was glo informeel, en enigeen uit die gehoor kon opstaan en vrae stel of aan die diskussie deelneem. Op hierdie wyse kon die reformatoriese geloof soos 'n suurdeeg op alle lewensvlakke inwerk.

## Die eerste reformatoriese universiteit in die wêreld

Die Ouditorium is egter ook nou verbonde met die geskiedenis van akademiese onderrig. In 1559, na meer as vyftien jaar van voorbereiding, kon Calvyn die Akademie van Genève amptelik open. As heel eerste gereformeerde kollege in die wêreld het dit as voorbeeld gedien vir talle ander sulke skole vir hoër onderwys oor die hele wêreld. In hierdie Akademie is jong mense vir kerk en staat opgelei. Dit was ook die begin van die hedendaagse Universiteit van Genève. Calvyn en sy opvolger, Théodore Beza (foto nr. 63), het in 1562 in die Ouditorium met die teologiese klasse begin. So het die gebou die middelpunt van die reformatoriese teologie geword: Meer as tweehonderd jaar daarna sou die teologiese kolleges van die Universiteit nog in dieselfde plek gehou word!

## Restourasie

Dit was gepas dat hierdie histories so belangrike gebou – die brandpunt in die

ontwikkeling en uitbreiding van die reformatoriese leer – van 1954 af gerestoureer is. Hierdie mooi inisiatief (wat derduisende rande gekos het: restourasiewerk is ontsettend duur) het van die Wêreld-alliansie van Gereformeerde en Presbiteriaanse Kerke uitgegaan. Op 1 Junie 1959 – dus 400 jaar na die stigting van die Akademie van Genève — kon die "nuwe" Ouditorium in gebruik geneem word (foto nr. 64 en 65). By die ingebruikneming het een van die sprekers dit raak gestel: "Die Ouditorium is nou gereed. Dit is soos dit hoort: getrou aan die verlede, nuttig vir die hede en gereed vir môre!"

Nog veel meer sou 'n mens van die interessante dinge binne hierdie besondere "kerk" – eintlik is dit veel meer as net 'n kerk – wou vertel. Die belangrikste feite wat die vriendskaplike pasteur Jornod my in die kort tydjie kon meegee, het u egter. Daar moet tog ook nog 'n bietjie verrassings oorbly vir diegene wat die plek dalk eendag self gaan besoek.

Dit is nou 'n ander tipe verrassing as die een wat ek gehad het toe ek in die Ouditorium met ds. Jornod (in Engels) staan en gesels het en ek 'n man 'n entjie daarvandaan in Afrikaans aan twee dames hoor sê: "Ek is seker hy kom van Wes-Transvaal af". Ek het nooit geweet dat my Engels so perfek is dat 'n mens daaruit selfs kan aflei presies waarvandaan ek kom nie!

## Die stadhuis

Uit die gedempte lig van die Auditoire stap ek na die hoek van die Rue Henri Fazy en die Rue le l'Hotel de Ville om die stadhuis (foto nr. 66) te besigtig.

Aan hierdie gebou is (met onderbrekings) meer as drie eeue (van die begin van die vyftiende eeu af) gewerk. In 1966 is dit heeltemal gerestoureer tot iets waarop Genève trots kan wees. Tot 1829 was dit nog die gebruik om regspraak buite, in die openbaar, uit te oefen. 'n Mens kan nog die klipbank wat vir die doel gebruik is, by die voorste ingang sien. In die vertrekke is daar talle dinge uit die geskiedenis van Genève. Calvyn het ook dikwels byeenkomste van die Raad van Genève in hierdie gebou bygewoon.

Regoor die stadhuis is die ou arsenaal, ook pragtig gerestoureer. 'n Stuk of drie van die 200 kanonne wat op die bastions van die ou fortifikasies gewaak het, is teruggevind en vandag hier te sien (o.a. 'n kolossale ou 22-ponder wat in 1683 in Genève gegiet is).

# 12. Donker dae in Genève

DIE Reformatore was nie volmaakte mense met foutlose insigte nie. Hulle was ook kinders van hulle tyd en het foute begaan. Op sekere punte het hulle die Skrif ook nie korrek verstaan nie. Ons mag hulle dit nie ten kwade dui nie. Is ons insigte nie ook maar tydgebonde en beperk nie?

Dit is egter goed as die nageslagte die foute van hulle voorgeslagte ook erken en nie probeer verdoesel nie.

## Heksevervolging

In die tyd van Calvyn was heksevervolging en ketterjagtery iets doodgewoons. Algemeen bekend is die aandeel van Calvyn e.a. predikante in Genève aan die heksevervolging in die plekkie Peney daar naby. In 1545 is die stad deur 'n verskriklike pes getref. Aangesien bygeloof in towenaars en hekse in die tyd nog algemeen was, is die skuld vir die pes op hulle geplaas. Hierdie gifmengers sou in die nag die deure van die inwoners met hulle towersalf besmeer en so die pes versprei! Die Raad van Genève en die predikante het soos 'n ware inkwisisie onder die inwoners van Peney huisgehou, en tientalle verdagte manne en vroue is in die tyd laat gesel, gefolter en verbrand nadat baie van hulle afskuwelik vermink is.

## Calvyn se rol

Calvyn het dit goedgekeur en kon dit ook Skriftuurlik (volgens die Ou Testament) regverdig! Natuurlik kan ons dit nooit goedpraat nie, maar tog moet gesê word dat hy hierin bloot 'n kind van sy tyd en sy insig beperk was soos die van al sy tydgenote (bv. Luther). In baie Europese lande het daar destyds nog skavotte en brandstapels vir hierdie ongelukkiges gestaan. Wat die vroue betref, lyk dit asof veral die maerder tipe maklik verdink is.

(Vandag sou dit – volgens die heersende mode van verslanking — dalk eerder die lywiger tipes gewees het!) Die gewig is selfs op 'n hekseskaal gemeet om vas te stel of 'n vrou 'n heks is of nie!

Die heksevervolging te Peney was egter nie die enigste swart bladsy uit die geskiedenis van Calvyn en Genève nie.

## Michael Servet verbrand

In hierdie tyd is towery en kettery as oortredings van ewe ernstige aard beskou. Ons weet wel hoe die Roomse die Protestantse ketters vervolg, in gevangenisse gestop, gemartel en verbrand het. Dit is egter minder bekend dat die Protestante (op kleiner skaal) ook hulle eie ketters op dieselfde wrede wyse behandel het. Die berugste voorbeeld hiervan is die geval Servet. Volgens die Reformatore het hy op verskillende punte (o.a. die drie-eenheid van God, die erfsonde, kinderdoop, regverdiging deur die geloof, ontkenning van die goddelikheid van Christus en die voortbestaan van die siel) ketterye verkondig. Ook die Roomse het hom gesoek!

Na 'n hele lang geskiedenis (waarin die Protestante ook met die Roomse saamgewerk het) is die Spaanse regsgeleerde-teoloog-medikus-astroloog (hy was 'n besonder begaafde man) op 27 Oktober 1553 op die heuwel van Champel, buite die stad, lewendig verbrand.

Die brandstapel van Servet is 'n histories volkome verklaarbare maar prinsipieel absoluut onverdedigbare getuienis. Mag dit vir ons vandag ook 'n les wees om in ons ywer vir die suiwer godsdiens nie fanatiek te raak en gebrekkige menslike insigte as goddelike gebooie te sien nie!

## Erkenning

Calvyn se nageslag moes dus op hierdie gebeurtenis terugkom. Dit het eers 350 jaar later, op 27 November 1903, op 'n sigbare wyse gebeur toe op die plek van Servet se

brandstapel 'n klein monumentjie opgerig is.

As die heer Herbert Odier (wat as chauffeur my na die plek geneem het) en mej. Gesèle Grosclaude ('n verpleegster, wat as gids en tolk opgetree het) my nie daar gebring het nie, sou ek seker nie die gedenkteken op die skuinste van die heuwel tussen twee strate, versteek tussen gras en bome naby die hospitaal, gevind het nie. (Die Hôpital Cantonal lê aan die einde van die Rue Micheli du Crest. Reg oos van hierdie hospitaal is die Rue à Lombard, wat by die Rue Michael Servet aansluit. Ongelukkig het ek — die tyd was maar min – vergeet om notas te maak van presies waar die monument is.)

## 'n Roerende inskripsie

Die eenvoudige versoeningsmonument bestaan (soos u op die foto sal kan sien) uit 'n groot rotsblok wat aan weerskante gelykgeslyp is om vir die inskripsies aan albei kante plek te maak. Op die een kant (foto nr. 67) staan alleen dat Servet op 27 Oktober 1553 op die heuwel van Champel verbrand is. Aan die ander kant (foto nr. 68) vind ons die erkenning wat (uit die Frans vertaal) ongeveer so lui: "Ons, eerbiedige en dankbare nageslag van Calvyn, ons groot Hervormer, veroordeel hierdie dwaling, wat die dwaling van sy tyd was. Sterk geheg aan die vryheid van die gewete, volgens die ware beginsels van die Hervorming en die Evangelie, het ons op die 27e Oktober 1903 hierdie versoeningsmonument opgerig".

'n Mens lees hierdie skulderkenning van die nageslag met huiwering en ontroering, veral omdat jy besef dat geen monument die foute en die tekortkominge van die verlede kan herstel en weer goedmaak nie. Boe versigtig moet 'n mens nie in jou ywer vir die evangelie wees nie: jy kan so maklik menselewens vernietig in plaas van hulle te red.

# 13. Vaarwel aan Genève

REEDS voorheen is melding gemaak van die Akademie wat in 1559 deur Calvyn in Genève gestig en tot groot hoogtes deur sy opvolger Theodor Beza (of Théodore Bèze) gelei is.

## Collège de Calvin

Saterdagmiddag (4 Junie) is die biblioteke gesluit, en met 'n vae idee waar die plek moet wees, is ek op pad daarheen. Na heelwat verdwaal, weer vra en weer verdwaal (ek is maar 'n swak kaartleser) vind ek tot my verbasing in die Rue Théodore de Bèze (nr. 2-4) 'n bronsplaat met die opskrif "Collège de Calvin" (foto nr. 69). As ek deur die hek binnestap, herken ek ook die geboue, wat ek al op foto's gesien het (foto nr. 70, 71 en 72).

'n Geluk tref my toe ek, net om doodseker te maak, aan 'n groepie mense wat daar staan, vra of dit die ou Akademie van Genève is. "Dit is die regte plek", lui die antwoord, "ons is 'n klompie oud-studente (foto nr. 73) van twintig jaar gelede wat weer kom kyk hoe dit hier lyk. Ons gids vir die middag is die hoof, Gérald Haury". Mnr. Haury is 'n gawe man en sê hy is bereid om my meer te wys as ek net wag tot die oud-studentetoer verby is. As oud-student van Calvyn (ek bedoel sy geskrifte) val ek toe ook maar by die begeleide toer in en bewonder onder andere die nuwe rekenaarsentrum waar die huidige studente in die rekenaarkunde opgelei word – tegnies nogal 'n stappie verder as toe Calvyn laas hier was, sou ek sê!

## Rondsnuffel

Van mnr. Haury het ek 'n paar mooi foto's oor die plek bekom en toe 'n bietjie gaan gesels by die studente wat besig was om 'n verhoog en toeskouersitplekke vir 'n opvoering op te rig. Ek noem hulle maar studente, want die Collège de Calvin is (volgens ons standaarde) nog 'n hoërskool nog 'n universiteit maar iets so tussenin.

Die Maandag het ek, voor my vertrek uit Genève, nog 'n vinnige draai daar gemaak en met die Engelse onderwyser as gids in die ou solder rondgekruip. Die museum uit die vorige eeu is tans vervalle onder stof, spinnekoppe en ander gediertes. Daar is wel planne om dit weer in orde te kry. Dan sal die mooi borsbeeld van die geestelike vader van hierdie plek, wat ek êrens in 'n hoekie onder die stof van jare gevind het, seker ook weer tot sy reg kom . . .

## Reformasiemuur

Tussen die Rue de Candolle en die Rue de la Croix Rouge lê die biblioteek en ander belangrike geboue van die Université de Genève in 'n pragtige tuin. In hierdie park is die Promenade des Bastions (alleen vir voetgangers). Hier vind ons die bekende Reformasiemuur (foto nr. 74). Dit is 'n geweldige lang muur — ek is spyt dat ek dit nie afgetree het nie. Behalwe die sentrale figure, wat 'n mens gewoonlik op foto's sien, nl. G. Farel, J. Calvyn, T. Beza en J. Knox (foto nr. 75), is daar aan weerskante van hierdie figure ook nog standbeelde van verskillende beroemde Reformatore uit verskeie lande (foto nr. 76, 77 en 78) – dit nog afgesien van reliëfpanele en inskripsies. ('n Mens het tyd nodig om alles te probeer vertaal.)

Op die heel linkerkantste punt van die muur staan die datum 1536. Dit is — soos ons reeds gesien het — die jaar waarin die inwoners van Genève die Reformasie amptelik aanvaar het. Op die uiterste regterpunt van die muur verskyn die datum 1602. Hierdie datum roep in herinnering 11 Desember 1602, die nag waarop die troepe van die Hertog van Savoye probeer het om die stad te oorrompel. (In die geskiedenis staan dit bekend as die "Escalade".)

Dit is 'n indrukwekkende muur waarin nie net die geskiedenis van die Reformasie in hierdie stad uitgebeeld is nie maar ook die wêreldomspannende invloed wat die reformatoriese idees, in Genève gebore, gehad het.

## By die laaste rusplek van 'n grote

Ek het aan die einde van my reis gekom (foto nr. 79), want ek staan by die graf van die man wie se voetspore ek die afgelope weke gevolg het.

Dit is helder, stil Sondagmiddag in Genève. Die gras is groen en die groot bome in die begraafplaas vertoon nog iets van die helder groen van die lente. Oral tussen die lower van die gras slaan klein spierwit blommetjies uit. Onder 'n groot ou boom staan ek by 'n baie eenvoudige graf. Swart ystertraliewerk rondom en binne heeltemal toegegroei met 'n lae soort struik. Geen grafsteen nie. Tussen die blare van die groen struik alleen 'n vierkantige klip (ongeveer 25 x 25 x 25 cm) sonder enige aanduiding daarop wie hier sy laaste rusplek gevind het. Net die letters J C daarop uitgegraveer.

## Aan God alleen die eer — vir 'n ryk lewe

Ons weet dat Calvyn self daarop aangedring het dat hy soos 'n gewone burger in die Plainpalaiskerkhof begrawe moes word. (U vind die Cimetière Plainpalais tussen die Boulevard de Saint Georges en die Rue du Stand aan die een kant en die Rue des Rois en die Rue des Jardins aan die ander kant.) Hy wou ook geen grafsteen hê — en so iets nalaat wat dalk later 'n voorwerp van (mens)verering sou word nie. *Soli Deo gloria* (aan God alleen die eer), sy leuse tydens sy lewe, sou ook van sy begrafnis geld.

## Is dit die plek?

Dit is daarom dat ons vandag geen sekerheid het of die graf waarvoor ons hier staan, werklik die van die Man van Genève is nie. Die rede waarom dit moontlik sy graf kan wees, is natuurlik die "J C" op die steentjie. As graf nr. 707 wel sy graf is, vind ek dit 'n gepaste rusplek vir hierdie man wat die geheim van ware grootheid geken het: om klein te wees voor God. Omdat sy lewe deur eenvoud en soberheid gekenmerk is, sou 'n praalgraf in 'n heldeakker onvanpas gewees het.

Dit is vandag 5 Junie 1977. Calvyn is dus ongeveer dieselfde tyd van die jaar (in Mei) hier ter ruste gelê. Ek het nog nooit so 'n groen begraafplaas met soveel blomme tussen die gras gesien en voëls in die groot ou bome gehoor nie.

## Was die lente van 1564 ook so mooi?

Dan was dit 'n gepaste teken van die ewige lente wat op 27 Mei 1564 vir hierdie geloofsreus aangebreek het.

# 14. Operasie OT

TWEE vermoeide reisigers stap op 5 Oktober 1980, om 11h00 die nag uit 'n huurmotor by die Thomas Stiftung. Dit was 'n lang reis van Potchefstroom af na Johannesburg oor Londen na Straatsburg, Frankryk.

Nadat die vriendelike koshuisvader, ds. Michel Flaulummel, ons kamers vir ons aangewys het, wil die slaap — ten spyte van die reisvermoeidheid — nie kom nie.

## Straatsburg — die tweede keer

Sou ek ooit kon droom dat ek binne drie en 'n half jaar weer in Straatsburg sou wees! In my wildste verbeeldingsvlugte sou ek in 1977 nooit kon dink dat ek eendag 'n tweede reis – van 'n heeltemal ander aard – na dieselfde mooi ou stad sou maak nie!

Miskien moet 'n mens dit nie 'n tweede ontdekkingsreis nie maar eerder 'n operasie noem: "Operasie Oorspronklike Tekste". Die bevelvoerder van die operasie is my metgesel, dr. H. W. Simpson. Om te kan verstaan wat die operasie inhou, is dit nodig om u een en ander mee te deel oor wat sedert my 1977-Calvynreis gebeur het.

## Roeringe in Suid-Afrika

Toe ek my reiservaringe op skrif gestel het, was al geskrif van Calvyn wat in Afrikaans beskikbaar was, 'n kort samevatting van sy hoofwerk, die *Institusie.* (Destyds was dit ook 'n geruime tyd al uit druk, maar gelukkig is dit in 1978 herdruk.) Sedertdien het dr. Simpson (ons noem hom in die vervolg op sy noemnaam, Sampie) geskiedenis gemaak. Hy het in 1979 aan die eerste (1536) uitgawe van die *Institusie* uit Latyn begin vertaal, en in Augustus 1980 was die eerste 500 reeds gedruk (uitgewers: die Calvyn-Jubileum-boekefonds te Potchefstroom).

Die vrystelling van die werk op die Eerste Kongres ter Bevordering van Calvynnavorsing in Suid-Afrika (Pretoria, 12-14 Augustus 1980) is met groot geesdrif ontvang. Ook die ontvangs deur die breë publiek was oorweldigend: die oplaag is binne twee maande heeltemal uitverkoop! Dit het ons net oortuig dat die plan om die finale (1559) edisie van die *Institusie* in Afrikaans oor te sit nie so vergesog is nie.

Om 'n goeie, betroubare vertaling te maak het 'n mens egter die oorspronklike tekste nodig. En die is ongelukkig nie in Afrika beskikbaar nie. 'n Boer soos Sampie laat hom egter nie stuit nie . . .

Ek self moes vir 'n vergadering in Europa wees, en my reiskoste is reeds deur die Internasionale Kongresse vir Christelike Hoër Onderwys betaal. Al wat ons dus nodig gehad het, was Sampie se reis- en verblyfkostes en 'n paar duisend rand ekstra om van die verskillende uitgawes van die *Institusie* en ander belangrike geskrifte van Calvyn fotokopieë en mikrofilms te kan maak. Gelukkig was die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Calvyn-Jubileumboekefonds van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gewillig om die geld vir die projek te voorsien . . .

## 'n Veel belangriker reis

So het die tweede pelgrimsreis begin. Soos ek alreeds gesê het: iets van 'n heeltemal ander aard as die eerste wat ek alleen onderneem het toe ek in 1977 op die voetspore van Calvyn geloop het. Toe het ek na sigbare bakens uit sy lewe gesoek. Operasie OT is veel belangriker: Calvyn se skriftelike, geestelike nalatenskap moet opgespoor en na Suid-Afrika gebring word, sodat dit vir ons land en sy mense in ons eie taal ontsluit kan word.

## Vriendelike hulp in die vreemde

Maandag, 6 Oktober, gaan ons met gespanne verwagting tegemoet. Daar is soveel onsekerhede: Sal ons toegelaat word om die ou-ou boeke te hanteer en hulle te fotokopieer? Wat sal die koste wees? Waar gaan ons dit doen?

Prof. Rudolphe Peter van die Protestantse Teologiese Fakulteit is egter nie net 'n mooiweersvriend nie. Hy het nie net in 1979 'n fotokopie van die 1536-Institusie gratis aan ons in Suid-Afrika voorsien nie; hy is nou ook weer bereid om persoonlik verantwoordelikheid te aanvaar vir elke boek wat ons uit die Bibliothéque Nationale et Universitaire wil uitneem. As hy en Madame Zehnacker van die biblioteek nie daar was nie, sou ons onverrigtersake huis toe moes omdraai. Die ou boeke van meer as 400 jaar gelede is so kosbaar dat niemand toegelaat word om hulle uit die biblioteek te neem nie – allermins om hulle aan die proses van fotokopiëring te onderwerp. Die leer van die bande het al hard en bros geraak en kan met hantering baie maklik beskadig word.

Nadat uiteindelik toestemming verleen is dat ons wel mag fotokopieer, het die tweede probleem op ons gewag: Waar? Die biblioteek kon nie so 'n groot hoeveelheid werk hanteer nie. 'n Privaat firma het aanvanklik ingewillig, maar toe hulle die groot, lomp ou boeke sien en hoor hoeveel duisende bladsye ons wil fotokopieer het hulle nie meer daarvoor kans gesien nie. Uiteindelik het Rank Xerox ingewillig dat ons dit op hulle masjiene mag doen . . .

## Uit die wêreld van die ou boek

Gewoonlik raak 'n mens oor 'n nuwe boek, wat sommer nog na drukkerink ruik, opgewonde. As u die glinstering in Sampie se oë kon sien toe hy uiteindelik met die 1559-Institusie in sy hande staan, sal u besef dat 'n mens se hart ook oor 'n baie ou boek vinniger kan klop. Dit is nie sommer 'n boekie nie. Sy afmetings is maklik 30x40 cm, met nie minder as 1300 bladsye nie. 'n Ou knewel van 'n paar kilogram!

Bindwerk was destyds 'n fyn kuns. Die stewige leerband is pragtig versier, en twee goudklampies (soos die van die ou Statebybels) sorg dat die boek netjies "toegesluit" kan word.

Die papiervervaardigers van die sestiende eeu het nog nie die masjiene gehad waaroor ons vandag beskik nie. Dit blyk duidelik uit die wisselende dikte van die bladsye. Die meeste is baie dun, maar onverwags as jy omblaai, kry jy soms 'n ou geel dikke tussen die vingers! Die bladsynommers raak ook dikwels deurmekaar! Ongelukkig was daar destyds ook al boekwurms – regte boekwurms — wat soms 'n tonnel deur honderd of meer bladsye gevreet het.

Dit is interessant dat een band dikwels meer as een boek van dieselfde skrywer bevat. Nog merkwaardiger is dat in een en dieselfde band soms werke van verskillende skrywers ingebind is!

Ons het van Calvyn se werke wat in Genève gedruk is, teëgekom waarvan die titelbladsy doelbewus beskadig is: die uitgewer en die plek van uitgawe (Genève) is netjies uitgeknip! Al verklaring hiervoor is (volgens prof. Peter) dat die eienaar van die boek – dalk in 'n Roomse land – nie wou hê dat ander moes weet dat die werk van die Protestantse Genève afkomstig is nie.

## Die verlede herleef

Nie net die boeke self nie maar ook wat 'n mens in die boeke vind as jy die vergeelde blaaie omblaai, is interessant: aantekeninge in die kantlyn, onderstrepings, 'n velletjie papier met notas daarop, 'n gedroogde blommetjie ... as die ou geskrifte kan praat! Op hoeveel eienaars se rak het hierdie ou boek die afgelope 400 jaar gestaan? Onder watter omstandighede en deur wie almal is hy gelees? Wie het die lenteblommetjie gepars? Hulle is almal nie meer daar nie — die boek het die mens oorleef!

In talle van die boeke vind ons handtekeninge en los notatjies van professore Wilhelm Baum, Eduard Cunitz en Eduard Reuss. Hulle is die drie manne wat in die vorige eeu (1863) met die uitgawe van die *Corpus Reformatorum* begin het. Die *Corpus Reformatorum* is 'n reeks met die versamelde werke van Philippus Melanchton, Johannes Calvyn en Ulrich Zwingli. Calvyn se versamelde werke alleen beslaan 59 dele daarvan.

Om hierdie groot reeks te kon uitgee het baie moeite — en geld — gekos. Te voet, te

perd, per perdekar moes die manne Europa deursoek om die oorspronklike tekste te versamel. Verder was dit 'n lang, moeisame werk. Net professor Reuss het die voltooiing (eers in 1900) van die projek beleef. Dit is aan hierdie drie Straatsburgse professore te danke dat die stad vandag oor die beste Calvynversameling in die wêreld beskik.

## Die wêreld het anders geword

Sou hulle kon droom dat 120-150 jaar nadat hulle met die versameling van die ou tekste begin het, twee ander Calvyn-liefhebbers uit verre Suider-Afrika nog by hulle versamelaarsywer sou baat? Hoe het die wêreld nie intussen verander nie: die perdekar is met die Boeing 747 vervang; die tekste hoef nie oorgeset te word nie maar kan in die vorm van fotokopieë, mikrofilms, mikrofiches of selfs kompufiches gereproduseer word. (Op een poskaartgrootte kompufiche kan tot 200 bladsye van 'n boek gefotografeer word!)

## Harde werk

"Soe, ou Sampie, my rug is af!"

"Kom ons hou eers 'n rookpouse".

Om die hele dag voor 'n fotokopieermasjien met een van hierdie ou dik swaar boeke te staan is nie maklik nie! Eers word al die bladsye met ewe nommers gefotokopieer. Dan pak jy weer al die onewe nommers van die 1000 of meer bladsye. Gelukkig is al die werke nie in die groot formaat uitgegee nie. Van die kleineres kan 'n mens twee bladsye tegelyk fotokopieer. En soms word die masjien (gelukkig!) so warm dat dit heeltemal tou opgooi en 'n mens gedwing word om eers te rus. Dit is bloot menslik om Calvyn onder sulke omstandighede 'n bietjie te verwens dat hy so baie geskryf het!

Maar soos die dae verbygaan, word die stapel fotokopieë in ons koshuiskamer al groter. Eers al agt uitgawes van die *Institusie* (in Latyn en Frans). Daarna volg Calvyn se briewe, van sy kommentare, sy kleiner traktate . . .

## En duur daarby!

Met elke flits en wit vel wat die masjien in ruil vir 'n vergeelde bladsy uitspuug, is ons een frank (ongeveer 25 SA sente) kwyt. Operasie OT is 'n duur projek! As ons laat middag in die herfsreën deur die nou straatjies van die ou stad terugstap, is ons tevrede met nog 'n dag se werk: Operasie OT vorder goed. Ons het Calvyn vir Afrika kom haal, en ons gaan daarin slaag!

# 15. Die geskiedenis van die boek

OP pad na die biblioteek stap ons elke dag oor die Place Gutenberg. Op die plein staan 'n pragtige standbeeld van Johann Gutenberg, die uitvinder van die boekdrukkuns (foto nr. 90). Toe hy in die veertigerjare van die vyftiende eeu as politieke banneling in Straatsburg vertoef het, het hy reeds met 'n nuwe, revolusionêre tipe boekdrukkuns geëksperimenteer.

## Aan die begin van moderne boekdrukkuns

Mense wat in boeke geïnteresseer is, moet ten minste weet hoe ons moderne boek ontstaan het. Toe Calvyn sy werke uitgegee het, was die boekdrukkuns nog skaars honderd jaar oud. As 'n mens iets weet van die moeite wat dit destyds gekos het om 'n boek die lig te laat sien, het jy nog groter bewondering daarvoor as jy met een van die 400—500 jariges in jou hande staan!

## 'n Primitiewe begin

Baie mense dink dat die kuns om boeke te druk eers 500 jaar gelede by Gutenberg (± 1394-3/2/1468) begin het. In werklikheid is boeke lank voor hom reeds gedruk. In die Ooste was die boekdrukkuns in die tyd van Gutenberg reeds ongeveer 1000 jaar oud! (Die legendariese datum vir die uitvinding van die Chinese boekdrukkuns word op 594 v.C. gestel.) Tot ongeveer 1440-1450 was die drukproses egter baie primitief en tydrowend. Die negatiewe van al die letters van 'n bladsy of 'n gedeelte van 'n bladsy moes moeisaam met die hand op een houtblok uitgesny word! Daarna is die oppervlak met ink gesmeer en kon met 'n pers 'n afdruk op papier gemaak word. Foute in die teks kon ook moeilik gekorrigeer word. Geen wonder dat baie boeke nog steeds een vir een met die hand oorgeskrywe is nie.

## Gutenberg se ontdekking

Gutenberg was die man wat op die gedagte van los loodletters gekom het. Die goud- en silwersmede van destyds het lankal reeds letterponse van harde metaal gemaak waarmee hulle hulle "handelsmerk" of ander inskripsies op hulle produkte ingeslaan het. Gutenberg het hierdie reliëfletters in sagte geelkoper uitgeslaan. In die matryse is dan gesmelte lood gegooi. So kon hy los loodletters in groot hoeveelhede vervaardig. Die matryse is diep genoeg gemaak, sodat elke lettertjie aan sy agterkant 'n lang genoeg "steeltjie" gehad het om dit maklik te kan hanteer. Behalwe dat die letters almal presies ewe lank moes wees, het die gleufies aan die kante ook netjies inmekaar gepas, sodat hulle in 'n stewige reguit ry gepak kon word om reëls te vorm.

Die voordele is voor die hand liggend. Metaal gee nie alleen 'n gladder drukoppervlakte as hout nie maar is ook duursamer. Verder gaan dit baie vinniger om uit los letters sinne en 'n hele bladsy se teks agtermekaar te sit as om al die letters een vir een uit hout te sny. Kleiner letters kan ook uit lood gegiet as uit hout gesny word, meer kan op een bladsy gedruk word, papier kan bespaar word en boeke gevolglik ook goedkoper en vir meer mense beskikbaar word. Verder het die los loodletters die moontlikheid gebied om 'n noukeuriger teks te gee. Voordat begin is om te druk, is eers 'n proefbladsy gedruk. As daar foute was – iets wat baie maklik kon gebeur – is die betrokke los lettertjies net uitgehaal en die fout reggestel.

## Struikelblokke in die weg

Dit was egter maar een deel – al was dit die belangrikste — van die uitvinding. Gutenberg moes vir sy metaalletters 'n ander soort ink vind as die gewone ink wat vir die drukwerk met houtblokke gebruik is. Vir die houtblokke is ink met 'n waterbasis gebruik. Nou was 'n oliebasis (lynolie) en 'n ooreenstemmende chemiese samestelling vir die ink nodig.

Verder was ook 'n nuwe tipe papier nodig. Die dun, sagte, absorberende papier wat al 'n tyd lank in Europa gebruik is (volgens oorlewering ook 'n Chinese uitvinding), was net vir

waterinkdrukwerk geskik. Die nuwe tipe papier wat aan Gutenberg se vereistes voldoen het, is gemaak van saggemaakte linne en katoenmateriaal wat met gelatien behandel is om 'n gladder, harde oppervlak daaraan te gee.

Ook die skroefpers moes verander word, aangesien dit nie meer nodig was om die papier so lank en hard op die letters te druk om 'n goeie afdruk te verseker nie.

## Die grootste ontdekking van die vyftiende eeu?

Hierdie nuwe metode om boeke te druk kan as die grootste enkele bydrae van die Duitse volk tot die Westerse beskawingsontwikkeling gereken word.

Hoewel dit afgesien van kleinere verbeterings, drie eeue lank die drukproses gebly het, was dit — in vergelyking met ons moderne metodes — nog steeds 'n langsame proses. Eers moes die lettergraveerder die ponse en matryse maak. Dan word 'n hele voorraad letters gegiet. Daarna moes elke woord en sin en bladsy met die hand saamgestel word. Die proeflesers en korrigeerders kom dan aan die beurt. Eers daarna kon die bladsye een vir een gedruk word. Daar was egter nie masjiene nie: die ink moes met die hand aangesmeer, die bladsy met die hand op die letters geplaas word, en met die hand moes die skroefpers in beweging gesit word! Daarna moes al die bladsye – weer eens met die hand — agtermekaar gesit en ingebind word. Geen wonder dat dit ongeveer 3% jaar geduur het om die Gutenberg-Bybel te set en te druk nie!

## Alleen bewondering

Met dit alles in gedagte kan 'n mens nie anders as alleen die grootste bewondering koester wanneer jy deur een van Calvyn se geskrifte uit die sestiende eeu blaai nie. Hoeveel man-ure moes dit nie gekos het om so 'n boek van 1000 bladsye te set, druk en bind nie!

Aan die begin was die drukker, uitgewer en boekhandelaar ook nog dieselfde man. Die man wat die boeke gedruk het, moes dus ook die nodige geld vir die hele onderneming vind en sorg dat die boek so goed bekend gestel en verkoop word dat hy op die ou end 'n wins daarop kon maak!

## Vyftiende-eeuse treffers

'n Mens kan begryp dat die oplaag van die boeke destyds nie groot was nie. Navorsers bereken dat dit slegs ongeveer 200 moes gewees het, hoewel die bekende Aldus Manutius van Venisië tog later reeds 1000 per uitgawe gedruk het.

Net soos vandag was daar toe egter ook al suksesboeke. Een van hulle was die bekende *Navolging van Christus (De imitatione Christi)* van Thomas a Kempis. Die eerste uitgawe het in 1471 (twee jaar na die skrywer se dood) verskyn en voor die einde van die eeu (1500) het reeds 99 edisies die lig gesien! (So terloops, hierdie boek is vandag nog die mees gelese boek naas die Bybel. Volgens berekening het dit reeds 3000 uitgawes in baie tale van die wêreld gehad!)

Ander treffers was verskillende van Erasmus en Luther se geskrifte. Luther se preek teen die aflaat het byvoorbeeld binne twee jaar 30 uitgawes beleef. Van sy vertaling van die Nuwe Testament is binne 'n paar weke 5000 verkoop en binne twee jaar was nog 80 uitgawes uitverkoop! Van die hele Bybel of gedeeltes het tydens Luther se lewe nie minder as 400 edisies die lig gesien nie!

## Nog meer wetenswaardighede

Ek sou graag nog baie interessanthede oor die boekdrukkuns wou meedeel. So byvoorbeeld dat boeke baie eeue lank sonder titelbladsye gedruk is. (Dit het eers teen ongeveer 1500 algemene gebruik geword dat boeke ook titelblaaie moes hê.) Voor die tyd is die titellose boeke (en dikwels ook sonder vermelding van die skrywer) gekatalogiseer volgens die *icipits,* die eerste woord of woorde van die boek. Net so het dit eers teen die begin van die sestiende eeu gebruik geword om bladsye te nommer!

Ook die geskiedenis van bekende drukkers is besonder boeiend. Een van die beroemdstes was seker die Estienne-familie. Dit het begin met Henri (ongeveer 1502) en loop oor Robert (1503-1559), Charles (1504-1564), Henri II (1528-1598), Francois (1537-1582), Paul (1567-1627) tot by Antoine (oorlede 1674). Sy dood beëindig byna twee eeue van die briljantste drukkersfamilie wat ooit geleef het.

## Die prins van die boekdrukkuns

Van hierdie illustrere familie was Robert Estienne seker die belangrikste. Hy word dan ook nie sonder rede "die prins van die boekdrukkuns" genoem nie. Behalwe dat hy belangrike wetenskaplike werke *(soos* 0.3. die *Thesaurus lingue Latinae) uitgegee* het, was hy by uitstek vir sy uitnemende uitgawes van die Bybel bekend. Hy het nie minder as elf uitgawes van die volledige Bybel in Hebreeus, Latyn en Frans die lig laat sien nie, afgesien van twaalf uitgawes van die Nuwe Testament in Grieks, Latyn en Frans!

Die wetenskaplikheid van sy werk blyk daaruit dat hy 'n *collatio* van tekste van die beste manuskripte gemaak het tesame met verklarende aantekeninge deur kenners van die ou tale asook 'n uitgebreide indeks van eiename in Hebreeus, Chaldeeus, Grieks en Latyn, met 'n verklaring in Latyn daarby.

## Vlugteling

Dit is juis sy bydrae tot die verspreiding van die Heilige Skrif wat die toorn van die Teologiese Fakulteit van die Sorbonne in Parys verwek het. Hulle het geglo dat Estienne se Bybel die "vervloekte kettery" van die Reformasie steun. Op die uitdruklike bevel van Koning Frans I van Frankryk is hy verbied om sy werksaamhede voort te sit.

Robert vlug dus in 1550 na Genève, en as oortuigde Calvinis begin hy daar 'n nuwe afdeling van die beroemde firma. In 1551 het hy reeds 'n Nuwe Testament in Grieks-Latyn, waarin vir die eerste keer van 'n versindeling gebruik gemaak is, die lig laat sien. Met reëlmaat het hierna 'n groot aantal van die hervormers Martin Bucer, Pierre Viret en Johannes Calvyn se geskrifte by sy drukkery-uitgewery verskyn. Die Estiennepers in Genève sou 'n arsenaal van die Calvinistiese Reformasie genoem kon word!

## 'n Besondere embleem

Soos op die titelblad van die 1559-uitgawe van Calvyn se *Institusie* gesien kan word, (foto nr. 91), het Robert 'n olyfboom as simbool op sy drukwerk gebruik. Dit het op die afkoms van moederskant van die Estiennefamilie gedui. Onder die boom staan 'n man - simbool van 'n wyse — wat na die boom opkyk. In die boom is daar 'n lint met die Latynse woorde daarop *Noli altum sapere (sed time),* "Moenie hoogmoedig (hoogwys) wees nie (maar vrees)". Dit kom van Romeine 11:20b.

Ook die beeld van die boom self is aan Romeine 11:17—20 ontleen. As u mooi na die titelblad kyk, sal u sien dat sommige van die takke afval en dat ander takke (die met die lappe daarom) op hulle plek ingeënt word. Die gelowiges uit die ander volkere is die ingeënte takke. Die afgekapte takke is die ongelowiges uit Israel. Die gelowiges mag hulle egter nie verhef nie, want hulle was oorspronklik wildeolyfbome (heidene). Dit is immers nie die takke wat die wortel dra nie maar juis die omgekeerde! (versl8).

Ten slotte is dit ook merkwaardig dat die naam van die uitgewer onder die embleem aangegee word as *(Oliva) Roberti Stephani,* (die olyfboom van) Robertus Stephanus. Robert Estienne kry dus 'n nuwe van, nl. Stephanus, wat "gekroonde" beteken. Só wou hy graag na sy bekering bekend staan!

## Hou dit in gedagte

As u eendag die trotse besitter van 'n Afrikaanse vertaling van Calvyn se *Institusie* is, dink 'n bietjie na oor die lang pad wat hierdie boek geloop het voordat dit op u boekrak kon staan.

In die eerste plek het die skrywer self 25 jaar daaraan gewerk voordat die finale uitgawe in 1559 verskyn het. Elke keer moes dit volgens die stadige, moeisame proses hierbo

beskrywe, gedruk word. In die tweede plek moes nie net ons duisende myle na Europa reis nie maar ook duisende rande bestee om fotokopieë van die verskillende uitgawes van die *Institusie* te kon fotokopieer en na Suid-Afrika bring. In die derde plek sal dit dr. Simpson ongeveer twee jaar (5 000 uur!) kos om die werk uit Latyn in Afrikaans te vertaal en sal dit dalk nog 'n jaar duur om dit te set, proeflees en druk.

Dit sou 'n sonde wees om in die lig hiervan die *Institusie* òf nie te koop nie òf — nog erger — dit wel te koop maar nie te lees nie!

# 16. Van Genève na Potchefstroom

IN die vorige hoofstuk is die verhaal van Operasie Oorspronklike Tekste onderbreek om u eers een en ander oor die wonderlike geskiedenis van die boek te vertel. Wie die geskiedenis ken, het heel waarskynlik meer respek vir 'n boek as wat by die meeste mense die geval is.

Toe ek teen die einde van die week van Sampie afskeid neem, was Operasie OT nog nie naastenby afgehandel nie. Terwyl ek 'n vergadering in Amsterdam gaan bywoon, het hy die fotokopieerwerk voortgesit. (Hy het later ook nog in Genève, Parys en Londen tekste opgesoek.) Ek self het in die biblioteek van die Vrije Universiteit van Amsterdam Calvyn se kleinere traktate gefotokopieer.

## 'n Nuwe probleem

Die fotokopiëring was egter maar die helfte van die operasie. Die ander helfte — wat met nie minder hoofbrekings gepaard sou gaan nie – was hoe om die 70 kg. fotokopieë na Suid-Afrika te vervoer. Om dit per pos te stuur was te gewaag. Sê nou net dit raak beskadig en verlore? Ook al was die lugdiens bereid om soveel oorgewig "bagasie" te aanvaar, sou dit teen R16,50 per kilogram meer as Rl 000 kos — 'n bedrag wat ons eenvoudig nie gehad het nie. Ons was egter albei oortuig dat die waardevolle vrag saam met my in Suid-Afrika moes aankom. (Dr. en mev. Simpson sou nog twee weke langer in Europa vertoef.)

Met die probleem swaar op my maag stap ek uit die huurmotor by Quai d'Orsay nr. 59 in Parys. Ek sou nooit kon droom dat Operasie OT my ook nog voor 'n ambassadeur te staan sou bring nie! Mnr. Van Dalsen is egter bereid om 'n landgenoot in die vreemde te help. André Jacobs, 'n personeellid, en 'n motor word tot my beskikking gestel om die waardevolle dokumente in Straatsburg te gaan haal.

## Calvyn word per huurmotor gehaal

Donderdag, 16 Oktober, om 06h00 het ons reeds 'n hele paar van die 500 kilometers na Straatsburg agter die rug. Ons chauffeur, Jean-Marie, ken sy werk: afgesien van die tolhekke, waar ons elke keer nog 'n paar frank moet afstaan, laat hy nie gras onder die wiele van die swart Fiat groei nie!

Jammer dat ons so vinnig deur die pragtige wêreld moet jaag: 'n Groen, golwende landskap met heuwels, bosse, graanakkers, wingerde, wydse panoramas . . . Die gebied heet Champagne. Plekke soos Reims het dit wêreldberoemd gemaak vir die vonkelwyne wat ons ook as sjampanje ken.

Nege-uur die nag is die kosbare vrag na 1000 km veilig in André en Met Jacobs se woonstel in Parys. Oor 'n glasie Suid-Afrikaanse rooiwyn in die vreemde vier ons die feit dat Operasie OT nog 'n stappie nader aan voltooiing gekom het. . .

## 'n Laaste uitdaging

Die volgende dag word die laaste moeilike fase aangedurf: hoe om die 70 kg. fotokopieë in Suid-Afrika te kry sonder om R1000 vervoerkoste te betaal. Die Fransman by die Suid-Afrikaanse Lugdienskantoor in Parys weet nie raad nie. Rekenarisering maak dit onmoontlik om uitsonderings te maak: as die rekenaar sê jy het 70 kg oorgewig, moet jy betaal of jy klim nie op die vliegtuig nie! (Ook hier het die rekenaar al die baas geword van die mens wat hom gemaak het.)

## Calvyn reis gratis na Suid-Afrika

Dit was egter nie die einde van die drama nie. Behalwe dat die vlug eers 24 uur vertraag is en later tog deurgegaan het, het ek selfs toe ek reeds op die lughawe was nog steeds nie geweet of my kosbare vrag gratis sou saamreis en of Calvyn ook 'n R1000-reiskaartjie sou moes koop om in Suid-Afrika te kom nie! Gelukkig kan dit nou opgeteken staan dat die SAL ook sy deel bygedra het om Calvyn na Suid-Afrika te bring.

## Die klimaks van Operasie OT

My laaste dag in Parys lewer 'n hoogtepunt op. Tot so ver moes ons met fotokopieë van Calvyn se werke in biblioteke tevrede wees. Dit gebeur baie selde dat sulke ou geskrifte nog in die handel beskikbaar kom. Prof. Peter het ons meegedeel dat daar onlangs 'n werk van Calvyn deur 'n Paryse antikwariese boekhandelaar aangebied is. Dit was egter reeds verkoop. Ook in Amsterdam was kort gelede 'n 1559-Institusie beskikbaar. Ook al was dit nie reeds verkoop nie, sou ons dit tog nie kon bekostig nie: dit is vir die aardige bedraggie van R14 000 van die hand gesit! Daarom dan dat ek maar net so terloops by 'n antikwariaat naby die Sorbonne gevra het of hulle nie dalk nog boeke uit die sestiende eeu het nie, veral dan van Calvyn.

## 'n Oorspronklike Calvyn in Parys ontdek

Soos ek verwag het, was die antwoord negatief. "Maar, wag so 'n bietjie, moontlik het ek tog iets". Nadat hy 'n paar rakke afgesnuffel het, bied die Fransman my 'n klein boekie (10x15x5 cm) oor die toonbank aan.

En wat lees ek op die vergeelde titelblad? *Ioannis Calvini opuscula* (Johannes Calvyn se kleinere geskrifte) *Excudebat Nicolaus Barbirius & Thomas Courteau MDLXIII* (Uitgegee deur N. Barbirius en T. Courteau, 1563). Hoewel klein beslaan hierdie sagteband-"pocket" uit die sestiende eeu tog 657 bladsye (foto nr. 92).

Die opgewondenheid neem egter dadelik af toe ek aan die prys begin dink — ek sal dit tog nie kan koop nie. "Wat vra u daarvoor?" — interessantheidshalwe moet 'n mens tog weet. Ek kry die tweede skok in enkele minute: Net 350 frank! Op die ou end word dit net 300 frank (± R60), omdat by die "Voorwoord" twee bladsye ontbreek en tussen bladsye 204 en 211 ses bladsye uitgeskeur is.

## Die koors loop hoog

U sal begryp dat die ouboekgogga my net daar gebyt het. Hoe moes ek weet dat daar nie dalk nog sulke winskopies op die boekrakke rondlê as ek nie eers navraag gedoen het nie ... Ten spyte daarvan dat ek die dag my voete afgeloop het en tussen baie stowwerige boekrakke rondgekruip het, wou die geluk hom ongelukkig nie herhaal nie. Al wat ek nog gevind het, is 'n uitgawe uit 1621 (!) van die Konsilie van Trente (1545-). Die het ek vir die belaglike prys van R24 gekoop.

## 'n Kosbare vrag

Wanneer die Boeing 747 Sondagaand, 19 Oktober, sy neus lig, sy wiele onder sy romp invou en suidwaarts koers, dra dit een van die kosbaarste vragte wat dit dalk nog ooit vervoer het. Ek bedoel nie die passasiers nie – al sluit hulle ook 'n ambassadeur in – maar die resultate van Operasie OT. 'n Menseleeftyd is maar beperk. Boeke kan egter die eeue trotseer.

Wanneer dieselfde "Drakensberg" Maandagoggend, 20 Oktober 1980, om 10h00 sy neus en wiele laat sak en op Suid-Afrikaanse bodem neerstryk, besef ten minste een passasier dat dit 'n historiese landing is – dalk net so belangrik as die van Jan van Riebeeck 330 jaar gelede. Met die landing is Calvyn in Suid-Afrika ingevoer!

## As Calvyn dit kon weet!

In sy wildste drome sou Calvyn nooit kon dink dat sy werke nog vier eeue later na die Suidelikste punt van Afrika sou vlieg – en dit binne enkele ure nie.

Nog minder sou hy kon droom dat sy *Institusie* in Afrikaans vertaal sou word – 'n taal wat toe nog nie eers bestaan het nie! Vir hierdie gedeelte van die verhaal sal u egter nog 'n bietjie geduld moet gebruik. Soos reeds gesê hoop ons om DV in 1984 die Afrikaanse vertaling van die 1559-uitgawe gereed te hê.

## 'n Reis sonder einde?

Die reis van Noyon na Genève is voltooi; so ook die een van Genève na Potchefstroom. Die kosbare skat lê veilig in die Ferdinand Postma-Biblioteek van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys . . .

As die Here wil, is dit egter nie 'n epiloog hierdie nie maar slegs die proloog. Die reis moet voortgesit word: van Potchefstroom na Kaapstad, Windhoek, Calvinia ...

## Waarom al die moeite

Is dit nie menseverheerliking om soveel waarde aan 'n sterflike mens se werk te heg nie?

U vraag is volkome geregverdig: nie menslike geskrifte nie maar alleen God se Boek moet die belangrikste plek in ons lewe inneem. Begenadigde mense kan ons egter help om die Bybel beter te begryp. Calvyn was so 'n begenadigde.

Omdat hy so na aan die Heilige Skrif gelewe het, kan hy – al het hy ook 400 jaar gelede gelewe — vandag nog as gids dien om ons uit die ware Bron van die lewe te laat drink.

Mag u kennismaking met Calvyn u nader aan die Woord van God en digter by die God van die Woord bring.

*Van Noyon na Genève* is nie geskryf om u aandag op 'n mens te vestig nie maar om u iets te laat sien van hoe seënryk 'n nietige mens se lewe kan wees (Calvyn het na 400 jaar nog nie opgehou praat nie) as dit net deur één begeerte gedra word: *Soli Deo Gloria,* om aan God alléén die eer te gee.

**ENKELE LEWENSBESKRYWINGS VAN EN ROMANS OOR CALVYN**

(Die Instituut vir die Bevordering van die Calvinisme te Potchefstroom publiseer binnekort 'n kort Calvynbiografie in Afrikaans en die C.J.B.F. beplan 'n Calvynroman vir kinders.)


BARR, G. H.: The master of Geneva. A novel based on the life of John Calvin. New York, Holt, Rinehart & Winston, 1961.

CARDIER, J.: The man God mastered. Grand Rapids, Michigan, Wm. B. Eerdmans, 1960.

DANKBAAR, W. F.: Calvijn. Zijn weg en werk. Nijkerk, G. F. Callenbach, s.j.

DE ROVER, P. A.: Calvijn, de reus uit Noyon. Aalten, De Graafschap, s.j.

DE ZEEUW, P.: Johannes Calvijn, de hervormer van Genève. 's-Gravenhage, Willem de Zwijgerstichting, 1965.

DOUMERGUE, E.: Calvijn (vertaal deur W. F. A. Winckel) Verskeie dele. Amsterdam, W. Kirchner, 1903.

HOMMES, N. J.: Misere en grootheid van Calvijn. Delft, W. D. Meinema, s.j.

JOHNSON, E. M.: Man of Geneva. The story of John Calvin. Edinburgh, The Banner of Truth Trust, 1977.

NORTON-TAYLOR, D.: God's Man. A novel on the life of John Calvin. Grand Rapids, Michigan, Baker Book House, 1979.

PENNING, L.: Deur storm en stryd. Die lewe en tyd van 'n groot hervormer. (Vertaal deur S. L. Stassen) Kaapstad/Pretoria, NG Kerk-Boekhandel, s.j.

PARKER, T. H. L.: John Calvin. London, J. M. Dent & Sons, 1975.

PRAAMSMA, L.: Calvijn. Wageningen, Zomer & Keuning, s.j.


SCHIPPERS, R.: Johannes Calvijn. Zijn leven en werk. Kampen, Kok, 1959.

STAUFFER, R.: The humanness of John Calvin. (Vertaal deur G. H. Shriver) Nashville/New York, Abington Press, 1971.

STICKELBERGER, E.: Calvin. A Life. (Vertaal deur D. G. Gelzer), Richmond, Virginia, John Knox Press, 1954.


VAN DER WALT, B. J.: From Noyon to Geneva. A pilgrimage in the steps of John Calvin (1509 — 1564) Potchefstroom, Institute for the Advancement of Calvinism, 1979.

VENTER, E. A.: Calvyn en die Calvinisme. Bloemfontein, SACUM, 1972



1. Ruiterstandbeeld van Karel die Grote voor die Notre , Dame in Parys.

2. Vooraansig van die indrukwekkende ou katedraal in Noyon, waar Calvyn as kind (toe nog Rooms-Katoliek) ook dienste bygewoon het.







3. Calvyn se geboortehuis (10 Julie 1509) in Noyon. Die gedeelte links (met die rondebolglasvenster) is volgens mededeling die eintlike geboorteplek. Die hoëre drieverdiepinggebou regs voor is die museum en die woonplek van die kuratrise.



4. 'n Karikatuurskildery (in die Calvynhuis in IMoyon). Die twee figure in die middel (agter) is Luther en Calvyn. Reg voor hulle sit vier (Roomse?) vyande van die lig: hulle probeer (met pypies) die kandelaar wat op die Bybel voor hulle staan, doodblaas. Die eerste figuur links (met die groot kardinaals-hoed) stel die valse wetenskap voor; die tweede duiwelsgesig die leuen gees; die derde met die pouslike hoed die valse opvolging en die vierde met die kaalgeskeerde kop en ronde gesig die skynheiligheid.



5. 'n Karikatuur (in die Calvynhuis in Noyon) van die stryd tussen die Protestante en die Rooms-Katolieke. Aan die een kant die Reformasie met alleen die Bybel op die skaal. Ten spyte daarvan dat die Rooms-Katoliek sy bes doen om die pous (op die ander skaal) meer gewig te gee - en die duiwel ook nog 'n handjie bysit - weeg die Bybel en die Reformasie swaarder!





6. Die binnekant van die Calvynhuis in Noyon. U sien heel regs die preekstoel van Calvyn en daarbo 'n skildery van hom. Heel links (baie klein) hang 'n foto van Idelette de Bure, sy eggenote. Op die vertoontafels in hierdie vertrek is daar talle eksemplare (dikwels oorspronklike uitgawes) van Calvyn se werke.




7. Die Calvynstoel. Hierdie ongemaklike ou stoel (ek het self gevoel hoe dit sit!) het op die preekstoel van Calvyn in die St. Pierre (in Genève) gestaan. (Ek kon nie vasstel of dit die oorspronklike stoel of 'n replika daarvan is nie).

8. 'n Kis met pragtige houtsneewerk in die Calvynmuseum in Noyon.






9. Die ruïnes van die Abdy van Ourscamp ongeveer ses kilometer van Noyon. Calvyn en sy moeder het dikwels die afstand oor die Oiserivier gestap om die beendere van die Heilige Anna (veronderstelde moeder van Maria, moeder van Christus) hier te kom aanbid!



10. Die ruïne van die kapel te Ourscamp van die kant gesien.



11. Vooraansig van die kapel te Ourscamp.




12. Die Pantheon in Parys. Hier naby het Calvyn as student in Parys gewoon.



13. Die geboue van die Collège de *la* Marche (tans *Collège* Sainte Barbe) in Parys, waar Calvyn 'n tyd lank studeer het. (Hy het as jongman van 1523 tot 1528 in Parys gestudeer.)





14. Die Collège Montaigu (lang gebou links) in Parys, waar Calvyn ook student was. Reg onderkant die boonste ry vensters is die name van baie beroemde persone uitgebeitel — ook die van "Calvin".



15. Skuins teenoor die Collège Sainte Barbre (die ou Collège de la Marche) in dieselfde straat (Rue de la Vallette) word hierdie kamertjie boog bo in die lug aangewys as Calvyn se woonplek toe hy student in Parys was.

16. Die Église Réformée de l'Oratoire (Rue St. Honoré 147) in Parys.






17. Die standbeeld van admiraal Caspard de Coligny (na hom is die Wes-Transvaalse dorpie Coligny vernoem), leier van die Hugenote in Frankryk, wat tydens die St. Bartholomeus-nag (in 1572) saam met talle ander Franse Protestante in Parys vermoor is.

18. Die bekende Notre Dame in Parys. Volgens oorlewering is op die plein voor hierdie magtige katedraal ook 'n eksemplaar van Calvyn se *Institusie* deur die Roomse Kerk verbrand.






19. Die Palais de Justice in Parys. waar baie Hugenote deur die Roomse Kerk gevange gehou is.




20. Clément Marot, die Franse digter, wie se berymings van die Psalms ook in Parys deur die Protestante studente gesing is.




21. By die Protestantse Musée du Désert in die Suide van Frankryk, digby Anduze.




22. Voorstelling van 'n Hugenote-godsdiensoefening tuis in die Musée du Désert.




23. Hugenote-doopplegtigheid. Nog 'n voorstelling in die Musée du Désert naby Anduze



24. 'n Draagbare Hugenote-kansel, wat vir dienste in die veld gebruik is en, as gevaar gedreig het, binne enkele minute in 'n graantenk omskep kon word!



25. Lugfoto van die ommuurde stadjie Aigues-Mortes (letterlik "dooie water") in die moerasvlakte van Camarque.




26. Ingang na die Tour de Constance of Toring van Standvastigheid, wat as tronk vir Hugenote-vroue gedien het.




27. Die Toring van Standvastigheid in Aigues-Mortes waarin Marie du Rand 38 jaar gevange was.

28. Vuurherd in die Saal van die Wagte in die Tour de Constance.




29 'n Gedenksteen wat ter gedagtenis aan die Hugenote by Aigues-Mortes opgerig is. Let op die drie simbole: die Hugenote-kruis, die tronktralies en die galeiskip.






30. Marie du Rand en ander Hugenote-vroue in die gevangenis van die Tour de Constance.




31. Die eiland D'If in die Middellandse See naby Marseilles waar die Hugenote as Galeislawe aangehou is.




32. Chateau d'If, 'n Middeleeuse kasteel op 'n stukkie verlate rots, waar die Hugenote-mans, wat as galeislawe veroordeel is, gevange gehou is.



33. Die ingang tot die tronkselle op Chateau d'If.




34. Afbeelding van 'n galeiskip in Chateau d'If ter gedagtenis aan die Hugenote-galeislawe.





35.. 'n Marmerplaat in die Chateau d'If ter herinnering aan 3 500 Protestante wat hier vanweë hulle geloof moes ly.



36. Skildery van Calvyn as jong man.




37. Idelette de Bure, Calvyn se eggenote. Hulle is getroud in Straatsburg (Augustus 1540), maar sy is op 29 Maart 1549 reeds oorlede. Hulle het slegs een seun gehad (op 28 Julie 1542 in Genève gebore maar kort daarna oorlede).




38. Die Calvynstraat (Rue Calvin) in Straatsburg herinner nog aan die groot Reformator wat van 1538 tot 1541 in hierdie stad gearbei het. In die straat self is daar (soos die foto toon) niks meer te sien nie.




39. Die Eglise St. Nicholas (Nicholaskerk) in Straatsburg, waar Calvyn die eerste twee of drie dienste tydens sy verblyf in Straatsburg gehou het.



40. Die Église St. Madeleirse (Madeleinkerk), waar Calvyn tydens sy verblyf in Straatsburg die meeste gepreek het.




41. 'n Gereformeerde kerk in die Rue du Bouclier in Straatsburg. Die argitektuur lyk nie soos die van 'n kerk nie, omdat dit in die tyd van die vervol-ging opgerig is en met opset soos 'n gewone openbare gebou saamgestel is. Op die voorgrond staan die vriendelike prof. R. Peter.



42. Die vriendelike pasteur (ds.) A. Pfeiffer, predikant van die Gereformeerde Kerk in die Rue du Bouclier (in Straatsburg) in die konsistorie. Agter teen die muur hang tussen foto's van vorige predikante ook die van Calvyn.




43. Bronsgedenkplaat by die Église Rue du Bouclier ter herinnering aan die eerste twee predikante van die Franse Vlugtelingkerk in Straatsburg, nl. J. Calvyn (1538-1541) en P. Brully (1541-1544). Laasgenoemde het later as martelaar gesterwe.




44. Die pragtige Église St. Paul (Pauluskerk) in Stratsburg. Tans is dit die eiendom van Église Réeformée (Gereformeerde Kerk)



45. Die skrywer in die Restaurant République in Straatsburg saam met (van links na regs) drr. B. Roussel, J. Rott en prof. R. Peter.


46. Martin Bucer, 'n minder bekende Hervormer, met wie Calvyn in Straatsburg saamgewerk het en van wie Calvyn ook baie geleer het. (Reliëf in die Église St. Thomas.)







47. Die ampswoning van Martin Bucer in Straatsburg

48. Die Église St. Thomas (Thomaskerk) in Straatsburg waarvan *M.* Bucer predikant was.







49. Hierdie pragtige deel van die ou Straatsburg heet ",La Petite France".




50. Tekening van die oudste deel van Straatsburg, met reg in die middel La Maison des Tanneurs (Huis van die Leerlooiers).



51. Die groot ou Katedraal in Straatsburg. As u mooi kyk, sal u sien dat die voorste toring ontbreek. Dit moes (om simmetries te wees) twee torings gehad het, maar die tweede is nooit voltooi nie!




52. 'n Gedeelte van die ou Straatsburg afgeneem uit die toring van die groot katedraal. Let op die smal straatjies!



53. Voorbeeld van Calvyn se handskrif. (Fragment uit 'n brief van 1545). U is seker bly u hoef nie hierdie hiërogliewe te ontsyfer nie!





54. Op die plek waar hierdie gedenkplaat opgerig is (in die Rue de Calvin) het Calvyn in Genève gewoon. Soos die inskripsie sê, bestaan die oorspronklike woning nie meer nie.



55. 'n Blik op die Rue de Calvin in Genève (die straat waarin Calvyn gewoon het) met 'n pragtige spuitfonteintjie en rooi malvas op die voorgrond.





56. Die Cathédral Protestante Saint Pierre in Genève (net langs die Ouditorium van Calvyn). waar Caivyn gereefd Sondae gepreek het. Ongelukkig is die pragtige gebou tans onder grootskaalse restourasie, sodat nie veel daarvan gesien kan word nie.



57. Hoofingang van die Saint Pierre — in 'n heeltemal ander boustyl as die res van die Katedraal.

58. Indrukwekkende interieur van die Cathédrale St. Pierre in Genève.





59. Die Auditoire de Calvin (net langs die Katedraal St. Pierre), waar Calvyn op weeksdae dienste gehou het. (Die ingang is die deur reg bokant die man op die foto.) Vandag vvord hier onder andere ook Nederlandse en Engelse dienste gehou. Die plek heet ook "John Knox Chapel", aangesien Knox ook 'n tyd lank hier gepreek het.



60. John Knox, die bekende Skotse Reformator, wat 'n tyd lank vir die Engelse gemeenskap in Genève in die Ouditorium gepreek het.




61. Kennisgewing by die ingang van die Ouditorium van Calvyn, wat dienste in Engels, Nederlands en Italiaans aankondig.


62. Calvyn, verkondiger van die Woord.







63. Théodore de Bèze (as jong man), opvolger van Calvyn as rektor van die Akademie van Genève.

64. Interieur van die gerestoureerde kapel van die Ouditorium van Calvyn.





65. Dieselfde kapel: let op die sobere eenvoud.




66. Die binnehof van die stadshuis in Genève. Calvyn het ook dikwels hier vergaderings van die Raad van Genève bygewoon.

67. Die Servetmonument in Genève. Met die goedkeuring van Calvyn is M. Servet op 27 Oktober 1553 weens sy ketterye op hierdie plek lewendig verbrand. Op 27 Oktober 1903 is hierdie "versoeningsmonument" deur Calviniste opgerig in erkenning dat Calvyn en andere se strafmaatreëls destyds te kras was.







68. Die ander kant van die Servetmonument. (Vergelyk die teks vir vertaling van die inskripsie.)




69. Die Collège de Calvin (die ou Akademie van Calvyn) vanaf die Rue Théodore de Bèze.




70. Regs die oudste vleuel (1559) van die Akademie van Genève deur Calvyn tot stand gebring. Die linkervleuel is ongeveer twee jaar later aangebou Tans heet die plek "Collège Calvin". 'n skool vir kinders voordat hulle universiteitstoelating ontvang.

71. Die ingang tot die linker-vleuel van die ou Akademie van Genève.







72. Baie ou reliëfwerk bokant die ingang tot die linkervleuel van die Cóllège de Calvin of Akademie van Genève. Die leuse van die Akadmie, *post tenebras lux* (na die duisternis lig), is aan die onderkant dofweg sigbaar.



73. Die binneplein van die Akademie van Genève, met op die voorgrond 'n brons uil (simbool van wysheid) wat in 1959, met die 400-jarige herdenking van hierdie Akademie, opgerig is.




74. Die Reformasiemuur in Genève is geweldig lank en bevat behalwe die vier sentrale figure ook verskillende ander beroemde Reformatore uit verskeie lande - dit nog afgesien van talle reliëfpanele en inskripsies.





75. Die sentrale figure in die bekende Reformasiemuur in Genève. Van links na regs: Farel, Calvyn, Beza en Knox.

76. Admiraal Caspard de Coligny se standbeeld in die Reformasiemuur, Genève.




77. Roger Williams in die Reformasiemuur.





78. Die standbeeld van Cromwell in die Reformasie-muur.



79. Calvyn as 'n ou en siek mens. Met studeer- en skryfwerk gaan hy egter voort!

80. Johannes Huss, een van die eerste Hervormers.





81. John Wycliffe, een van die vroegste Engelse Reformatore.

82. Skildery van Martin Luther, die bekende Duitse Hervormer.





83. Luther se eggenote, Katherina von Bora.


84. Skildery deur Hans Asper van die Switserse Hervormer Ulrich Zwingli.






85. Die Zwinglistandbeeld in Zürich, Switserland.

86. Heinrich Bullinger, Zwingli se opvolger in Zürich, volgens 'n skildery van Hans Asper.




87. Théodore de Bèze in die fleur van sy lewe.





88. Théodore de Bèze as ou man.



89. Phillippus Melanchton, ook genoem die *Praeceptor Germaniae,* groot Duitse geleerde uit die tyd van die Reformasie.

90. Die standbeeld van die uitvinder van die moderne boekdrukkuns, Johann Gutenberg, op die Place Gutenberg in Straatsburg.



# INSTITVTIO CHRI-
# ſtianæ religionis, in libros qua-

tuor nunc primùm digeſta, certíſque diſtincta capitibus, ad aptiſſimam methodum: aucta etiam tam magna acceſſione vt propemodum opus nouum haberi poſſit.

IOHANNE CALVINO AVTHORE.




Oliua Roberti Stephani.

GENEVAE.

M. D. LIX

91. Titelblad van die 1559-uitgawe van Calvyn se *Institusie.* Dit is in Genève deur die bekende uitgewer Robert Estienne (Robertus Stephanus) uitgegee. Hy het die embleem van die olyfboom (Rom 11:17-20) vir sy publikasies gebruik.

# IOANNIS
# Caluini opuſcula.

De animæ immortalitate.
Contra Anabaptiſtas,
Libertinos,&
Franciſcanſiquendam.
De vitandis ſuperſtitionibus.

Cõtra Pſeudonicodemos
& Conſilia Phil. Melanchthonis, Martini Buceri,
Petri Martyris, & eiuſdem Caluini, etiam concluſio & duæ Epiſtolæ.

*CVM COPIOSISSIMO*
indice,& rerum & locorum ſacræ Scripturæ ab ipſo Authore interpretatorum.




Excudebat Nicolaus Barbirius,& Thomas Courteau.

*M. D. LXIII.*

92. Titelblad van 'n uitgawe van Johannes Calvyn se kleinere geskrifte. Hierdie kopie uit 1563 is deur myself by die Librairie J. Vrin in Parys vir slegs R60 aangekoop.